# DIE HEILIGE GEES EN DIE HANDELING VAN GOD:

Eksegetiese studie in die Evangelie volgens Lukas

HENDRIK JACOBUS STOLTZ (B.Th., B.Th. Honn., M.Div.)

Skripsie voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die graad Magister Theologiae (Nuwe Testament)
aan die Potchefstroom-kampus,
NOORDWES-UNIVERSITEIT

STUDIELEIER: PROF. DR. F.P. VILJOEN

POTCHEFSTROOM
2004

Opgedra aan
Mockie, Henk en Eunice

Dankie vir al julle liefde en geduld

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| | INHOUDSOPGAWE | i-iv |
| **Hoofstuk 1** | **INLEIDING** | 1 |
| 1 | Inleiding | 1 |
| 2 | Oriëntering en probleemstelling | 1 |
| 2.1 | Agtergrond van studie | 1 |
| 2.2 | Probleemstelling | 2 |
| 3 | Doelstellings en doelwitte | 3 |
| 3.1 | Doelstelling | 3 |
| 3.2 | Doelwitte | 3 |
| 4 | Sentrale teologiese argument | 4 |
| 5 | Metodologie | 4 |
| 6 | Hoofpuntindeling | 5 |
| 7 | Terminologie | 5 |
| **Hoofstuk 2** | **DIE SENTRALE TEOLOGIESE TEMA IN DIE LUKAANSE GESKRIFTE** | 7 |
| 1 | Inleiding | 7 |
| 2 | Eenheid van die Lukaanse geskrifte | 8 |
| 3 | Eienskappe van die Lukaanse geskrifte | 9 |
| 3.1 | Taal styl en struktuur | 10 |
| 3.1.1 | Taal | 10 |
| 3.1.2 | Styl | 10 |
| 3.1.2.1 | Weerhouding van inligting | 11 |
| 3.1.2.2 | Selektiewe insluiting | 11 |
| 3.1.2.3 | Verwysings na vorentoe (prolepsis) | 12 |
| 3.1.2.4 | Direkte plasing van gebeure in wêreld en geskiedenis | 13 |
| 3.1.3 | Struktuur | 13 |
| 3.2 | Historiese en teologiese narratief | 14 |
| 3.2.1 | Lukas die historikus | 14 |
| 3.2.2 | Lukas die teoloog | 16 |
| 3.3 | Die Heilige Gees | 17 |
| 3.4 | Die belangrikheid van die tempel | 18 |
| 3.5 | Universialisme | 19 |
| 3.6 | Gebed | 19 |

| | | |
|---|---|---|
| 4 | Sentrale teologiese tema in die Lukaanse geskrifte | 19 |
| 4.1 | Die doel van die Lukaanse geskrifte | 20 |
| 4.2 | Teologiese temas | 22 |
| 4.2.1 | Verlossing | 22 |
| 4.2.2 | Geskiedenis | 22 |
| 4.2.3 | Die Heilige Gees | 23 |
| 4.2.4 | Die "Plan van God" of "Die handeling van God" as teologiese tema | 23 |
| 4.2.4.1 | Squires: Die plan van God | 24 |
| 4.2.4.2 | Reasoner: Vervulling van die Goddelike noodsaaklikheid | 26 |
| 5 | Konklusie | 28 |
| | | |
| **Hoofstuk 3** | **DIE AARD VAN DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE EVANGELIE VOLGENS LUKAS** | 30 |
| 1 | Inleiding | 30 |
| 2 | Verwysings na die Heilige Gees | 31 |
| 2.1 | Direkte verwysings | 31 |
| 2.1.1 | πνεύμα ἁγίον (1:15, 35, 41, 67; 3:16; 4:1; 11:13) | 32 |
| 2.1.2 | πνευμα ἠν ἁγιον (2:25) | 32 |
| 2.1.3 | τῷ πνεύματι (2:27; 4:1, 14) | 33 |
| 2.1.4 | τὸ πνευμα τὸ ἁγιον (2:26; 3:22; 10:21) | 33 |
| 2.1.5 | τὸ ἁγιον πνευμα (12:10, 12) | 33 |
| 2.1.6 | πνευμα κυρίου (4:18) | 34 |
| 2.2 | Indirekte verwysings | 34 |
| 2.2.1 | δύναμις ὑψίστου (1:35) | 34 |
| 2.2.2 | ἐν δακτύλῳ θεοῦ (11:20) | 34 |
| 2.2.3 | τὴν ἐπαγγελίαν (24:49) | 35 |
| 2.2.4 | ὑψους δυναμιν (24:49) | 35 |
| 2.3 | Samevatting | 36 |
| 3 | Lukas en die Ou-Testamentiese konsep van die Heilige Gees | 36 |
| 3.1 | Die Heilige Gees as Skepper God | 37 |
| 3.2 | Die Heilige Gees en profesie | 38 |
| 3.3 | Die Heilige Gees en die Messias | 39 |
| 3.4 | Die begrip "Heilige" Gees | 40 |
| 3.5 | Samevatting | 41 |

| | | |
|---|---|---|
| 4 | Werking van die Heilige Gees in die evangelie volgens Lukas | 42 |
| 4.1 | Die vervulling met die Heilige Gees | 42 |
| 4.2 | Die Heilige Gees sal oor jou kom | 44 |
| 4.3 | Die doop met die Heilige Gees | 44 |
| 4.4 | Salwing deur die Heilige Gees | 45 |
| 4.5 | Die Heilige Gees is die Voorspraak ter verdediging | 46 |
| 4.6 | Samevatting | 47 |
| 5 | Konklusie | 48 |
| **Hoofstuk 4** | **DIE VERHOUDING TUSSEN DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES EN DIE WERK VAN GOD IN DIE EVANGELIE VOLGENS LUKAS** | 51 |
| 1 | Inleiding | 51 |
| 2 | Eksegetiese ondersoek | 52 |
| 2.1 | Lukas 1:35 | 52 |
| 2.1.1 | Struktuur en konteks | 53 |
| 2.1.2 | Kommentaar | 54 |
| 2.1.3 | Samevatting | 58 |
| 2.2 | Lukas 3:21-22 | 58 |
| 2.2.1 | Struktuur en konteks | 59 |
| 2.2.2 | Kommentaar | 60 |
| 2.2.3 | Samevatting | 65 |
| 2.3 | Lukas 12:12 | 66 |
| 2.3.1 | Struktuur en konteks | 67 |
| 2.3.2 | Kommentaar | 68 |
| 2.3.3 | Samevatting | 69 |
| 3 | Konklusie | 70 |
| **Hoofstuk 5** | **DIE IMPLIKASIE VAN DIE VERSTAAN VAN DIE VERHOUDING TUSSEN DIE HEILIGE GEES VIR DIE GELOWIGE VANDAG** | 71 |
| 1 | Inleiding | 71 |
| 2 | Die Heilige Gees as Skepper | 72 |
| 3 | Die Heilige Gees as Vernuwer | 75 |
| 4 | Die Heilige Gees as Leermeester | 78 |
| 5 | Konklusie | 80 |

| | |
|---|---|
| **KONKLUSIE** | 82 |
| **ABSTRACT** | 84 |
| **BRONNELYS** | 85 |

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING

## 1. INLEIDING

Die volgende formele aspekte rakende hierdie studie word in die hoofstuk hanteer: die titel, oriëntering en probleemstelling, die doel en doelwitte van hierdie studie, die sentrale teologiese argument, die metodologie van die studie en 'n hoofpuntindeling van die hoofstukke van hierdie studie.

## 2. ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

### 2.1. Agtergrond van studie

Lukas word by uitstek die evangelis van die Heilige Gees genoem, en nie sonder rede nie. Geen ander outeur van die Nuwe Testament beskryf die betrokkenheid van die Heilige Gees in die geskiedenis van die wêreld soos Lukas nie. In die Lukaanse geskrifte word daar 72 keer (Lukas = 17 keer; Handelinge = 55 keer) direk na die Heilige Gees verwys (Won, 1999:30). Verder word daar nog 3 keer indirek verwys na die Heilige Gees as die krag (δύναμις) van God en 2 keer indirek na die Heilige Gees verwys as die belofte (ἐπαγγελία) van God (Won, 1999:29). Vanweë die beperkings wat 'n narratief aan die skrywer stel, lyk dit asof die skrywer van die Lukaanse geskrifte nie ingaan op die fyner besonderhede van die werking van die Heilige Gees nie, maar asof hy eerder vertel wat die resultaat is van die werking van die Heilige Gees. Stronstad (1999:10) wys daarop dat Lukas nooit die Heilige Gees beskryf as die agent van verlossing nie maar dat hy altyd die Heilige Gees verbind tot profetiese uitsprake wat lei tot tekens en wonders. Hierdie werk van die Heilige Gees lei altyd tot iets nuut – die nuwe begin – in die Lukaanse geskrifte. Dus kan albei Lukas se geskrifte as

"Begin"-narratiewe beskou word. Marguerat (2002:128) verwys daarna as die "grondleggende" rol wat die Heilige Gees vervul in die Lukaanse geskrifte.

Cancick (1997:673) beweer dat die Lukaanse geskrifte die beskrywing van geskiedenis is wat die begin en uitbreiding van die kerk vertel (vgl. Meeks, 2003:154; Denova, 1997:16). Tog is meeste verklaarders dit eens dat die sentrale teologiese tema in die Lukaanse geskrifte die aksie, die handeling van God is - God is aktief besig in die ganse geskiedenis om verlossing te bewerk vir die mens, vanaf die skepping tot die laaste oordeel (Squires, 1993:1; De Villiers, 1983:173; Reasoner, 1999:635; Woods, 2001:247). Hierdie sentrale tema van Lukas word ondersteun deur verskeie ander onderliggende temas. Temas wat die sentrale motief ondersteun is: i) Universalisme: Lukas plaas sy narratief binne die raamwerk van die wêreldgeskiedenis, ii) Tempel/Jerusalem: die tempel in Jerusalem is beskou as die middelpunt van God se teenwoordigheid by sy volk (Du Plessis, 1996:148).

Lukas wil dat die lesers van sy geskrifte duidelik moet besef dat "die dinge wat onder ons gebeur het" (Luk.1:1), God se verlossende handeling in die geskiedenis van die wêreld is (vgl. Squires, 1993:1). Hierdie verlossende handeling van God word in die Lukaanse geskrifte beskryf deur die lewe en werk van Christus en die geskiedenis van die vroeë kerk. In albei die Lukaanse geskrifte beklemtoon die skrywer die belangrike rol wat die Heilige Gees vervul in hierdie handeling van God.

## 2.2. Probleemstelling

As ons sou aanvaar dat die sentrale teologiese tema in die Evangelie volgens Lukas die verlossende handeling van God in die geskiedenis van die ganse mensdom is (Squires, 1993:1; De Villiers, 1983:173; Woods, 2001:247), en ons neem kennis van die belangrike rol wat die Heilige Gees

speel in dié Evangelie (Bruton:1967:4; Stronstad,1999.10), kom die vraag op: **Watter verhouding bestaan daar tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God in die Evangelie volgens Lukas en wat kan ons vandag daaruit leer ?**

Dit is die vraagstuk wat in hierdie studie nagevors gaan word. Vrae wat hieruit voortspruit is:

i. Fokus die sentrale teologiese temas van die Evangelie volgens Lukas op die verlossende handeling van God in die geskiedenis van die wêreld ?
ii. Wat is die aard van die werk van die Heilige Gees in die Evangelie volgens Lukas?
iii. Wat is die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God in die Evangelie volgens Lukas?
iv. Wat beteken dit vir die gelowige en die wêreld vandag om kennis te dra van die verhouding tussen die Heilige Gees en die handeling van God in die Evangelie volgens Lukas?

## 3. DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 3.1. Doelstelling

Die hoofdoel van hierdie studie is om die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God te bestudeer in die Evangelie volgens Lukas, en om sodoende 'n bydrae te lewer tot die beter verstaan van die werk van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige.

### 3.2. Doelwitte

Vir hierdie doel moet die volgende doelwitte bereik word:

i. Om vas te stel of die sentrale teologiese tema van die Evangelie volgens Lukas fokus op die handeling van God in die geskiedenis van die wêreld.

ii. Om vas te stel wat die aard van die werk van die Heilige Gees is volgens die Evangelie volgens Lukas.
iii. Om die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God vanuit die Evangelie volgens Lukas aan te dui.
iv. Om die implikasies van hierdie verhouding, vir die kerk en die wêreld aan te dui.

## 4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van die studie is dat God in beheer is van die geskiedenis van die mensdom, en dan veral ook van sy kerk. God is aktief besig in die kerk en die wêreld. Volgens die Evangelie volgens Lukas word hierdie handeling van God in die wêreld en in die kerk deur die kragtige inwerking van die Heilige Gees in die harte van mense uitgevoer.

## 5. METODOLOGIE

Hierdie studie word gedoen vanuit die gereformeerde tradisie. Om die genoemde navorsingsvrae te beantwoord, word die volgende metodes gebruik:

i. Om die standpunte van die verskillende teologiese temas van die Evangelie volgens Lukas te beoordeel, word 'n analities-kritiese literatuurstudie gedoen om die verskeidenheid standpunte van navorsers (byvoorbeeld van Bruton, 1967; Squires, 1993; Woods, 2001) te kan beoordeel.
ii. Om die aard van die werk van die Heilige Gees in die Evangelie volgens Lukas te ondersoek word al die verwysings na die Heilige Gees in dié Evangelie ondersoek. Daarna word 'n tematiese klassifikasie (deur te fokus op wat ons leer van die persoon en werk van die Heilige Gees in elke verwysing) van die verskillende Skrifdele gedoen volgens hulle gemeenskaplike inhoud.

iii. Om die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God in die Evangelie volgens Lukas aan te dui, word relevante Skrifdele en woorde geïdentifiseer. Hierdie tekste en woorde word eksegeties ondersoek volgens die grammaties-historiese metode, om sodoende die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God aan te dui.

iv. Om die implikasie van die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God in die Evangelie volgens Lukas vir die kerk en wêreld aan te dui, word die versamelde inligting geanaliseer en geïnterpreteer om 'n sintese te kan maak.

## 6. HOOFPUNTINDELING

Die resultate van hierdie studie word aangebied in die volgende hoofstukke:

1. Inleiding
2. Die sentrale teologiese motief van die Evangelie volgens Lukas
3. Die aard van die werk van die Heilige Gees in die Evangelie volgens Lukas
4. Die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God
5. Die implikasie van die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God vir die kerk en die wêreld
6. Konklusie

## 7. TERMINOLOGIE

Die volgende terme wat gereeld in die skripsie voorkom, word volgens die meegaande definisies gebruik:

i. Lukas: Wanneer gepraat word van Lukas of die skrywer word dit gebruik as 'n oorkoepelende term om die outeur(s) aan te dui wat

betrokke was by die samestelling van die Lukaanse geskrifte soos hulle vandag tot ons beskikking is (vgl. Steyn, 1989:864).

ii. Septuaginta: Die Griekse vertaling van die Hebreeuse Ou Testament met inbegrip van sy lang en komplekse wordingsproses (vgl. Achtemeier, 1986: 925).

# HOOFSTUK 2
# DIE SENTRALE TEOLOGIESE TEMA IN DIE LUKAANSE GESKRIFTE

## 1. INLEIDING

Aan die einde van die eerste eeu na Christus het Lukas die verhaal van Jesus van Nasaret in twee boeke vertel. Die eerste boek, wat vandag bekend staan as die Evangelie volgens Lukas, vertel die verhaal van Jesus Christus se lewe op aarde binne die groter raamwerk van die geskiedenis van Israel. Lukas se tweede boek, wat vandag bekend staan as die Handelinge van die Apostels, beskryf die lewe van Jesus se volgelinge, in besonder hulle verspreiding van die "goeie boodskap " na die res van die wêreld (Denova, 1997:12). Die Lukaanse geskrifte bestaan uit twee dele wat elk 'n eie fokus het, maar mekaar tog komplementeer. Die eerste boek fokus op Jesus en die oorsprong van die Christendom met die Judaïsme as agtergrond. Die tweede boek fokus op Jesus se volgelinge en die uitbreiding van die Christendom met die Grieks-Romeinse wêreld as agtergrond (vgl. Stronstad, 1999:21).

Dit is nie nodig vir iemand om in 'n god te glo voordat hy sy pen opneem om te skryf nie, maar wanneer iemand wat skryf wel glo, weerspieël sy geskrifte sy geloof in geen onduidelike taal nie (O'Neil, 1970:59). Die woorde wat geskryf word, weerspieël die skrywer se teologiese denke oor God. Waar God Hom aan mense openbaar het, kom sy openbaring tot ons in die vorm van menslike refleksie oor God, oor sy openbaringswoorde en sy openbaringsdade. Hierdie refleksie kan goedskiks as die teologie (teologiese denke) van 'n bepaalde Bybelskrywer beskryf word (Roberts, 1977:76). Tog word God se stem in die geskrifte van die Bybelskrywers gehoor, omdat Hy deur die Heilige Gees die skrywers in hulle skryfwerk geïnspireer het (vgl. Ferguson, 1996:26). God het skrywers soos Lukas

gebruik in hulle organiese samehang met hulle eie tyd, teologiese denke, geskiedenis en omstandighede om sy Woord aan ons te kommunikeer (vgl. Roberts, 1977:26).

Die teologiese denke van 'n skrywer bepaal eerstens watter materiaal die skrywer gaan gebruik en tweedens die wyse waarop hy die gekose materiaal aanbied sodat dit sy eie teologiese motief ondersteun. Net so reflekteer die sentrale tema in die geskrifte van Lukas sy teologiese denke. In hierdie hoofstuk word die sentrale teologiese tema in die Evangelie volgens Lukas geïdentifiseer as die verlossende handeling van God in die geskiedenis van die ganse mensdom (De Villiers, 1983:173; Squires, 1993:1; Woods, 2001:247).

Om die sentrale tema van Lukas aan te dui is dit nodig dat die Evangelie volgens Lukas en die handelinge van die Apostels as 'n eenheid hanteer word. Gevolglik sal daar eers aangedui word op watter gronde die Lukaanse geskrifte as 'n eenheid gesien kan word. Vir die deeglike interpretasie van die Lukaanse geskrifte is dit ook nodig om te let op sekere eienskappe van die geskrifte. Laastens sal die sentrale tema van die Lukaanse geskrifte aangedui word. Deur sistematies die verskillende teologiese temas in die Lukaanse geskrifte te ondersoek, sal een sentrale tema, wat oorkoepelend van al die verskeie temas is, aangedui word.

## 2. EENHEID VAN DIE LUKAANSE GESKRIFTE

Moderne teoloë is dit eens dat die twee geskrifte wat bekend staan as die Evangelie volgens Lukas en die handelinge van die Apostels as 'n enkele samehangende eenheid gelees moet word (Bruce, 1980:15; Bruton, 1967:10; Denova, 1997:15; Carson *et al*, 1992:113). Hierdie mening word ondersteun deur die grammatiese-, stillistiese- en strukturele eienskappe van

die boek asook die ooreenstemming van die teologiese denke in die twee boeke.

'n Belangrike eienskap wat die eenheid van die twee geskrifte bevestig, is die tweevoudige proloog. Dit is geskryf in tipiese Grieks-Romeinse proloogstyl vir opeenvolgende geskrifte (Denova, 1997:15). Hierdie styl verdeel een stuk werk in verskeie volumes. Die primêre inleiding tot die Lukaanse geskrifte, wat albei insluit, is Lukas 1:1-4, wat gevolg word deur die sekondêre inleiding in Handelinge 1:1-2. Hierdie sekondêre inleiding som gewoonlik die gebeure in die eerste volume kortliks op (Du Plessis, 1996:160).

Lukas se verwysing na "My eerste boek" in die proloog van Handelinge is ongetwyfeld 'n verwysing na die boek wat sy weergawe van die evangelie vervat. Net soos in Lukas se evangelie word daar in die inleiding van Handelinge ook melding gemaak van Teofilus – die persoon aan wie beide geskrifte geadresseer is. Hieruit kan ons duidelik aflei dat die twee geskrifte as 'n eenheid beskou moet word. Hierdie eenheid word versterk deurdat Lukas in die tweede proloog na belangrike punte van die evangelie terugverwys (Lenski, 1946:18). Lukas verwys weer na Christus se verskyning aan sy dissipels ná sy opstanding, sy afskeid en sy hemelvaart (Hand. 1:2-11).

## 3. EIENSKAPPE VAN DIE LUKAANSE GESKRIFTE

Die Evangelie volgens Lukas is die enigste evangelie in die Nuwe Testament waarvoor daar 'n opvolgverhaal geskryf is. Die twee-volume geskiedenis van die oorsprong en uitbreiding van die Christendom is nie net die langste boek in die Nuwe Testament nie, maar maak ook die grootste deel van die Nuwe Testament uit. Daar is spesifieke eienskappe wat die Lukaanse geskrifte deel wat hulle onlosmaaklik aan mekaar verbind.

3.1. Taal styl en struktuur

Geldenhuys (1988:36) verwys na die Evangelie volgens Lukas as die mooiste boek wat ooit geskryf is. Dit sluit in die inhoud, taal en styl waarmee die boek geskryf is. Vir enige leser wat die gedagtes van Lukas in die Lukaanse geskrifte wil bepaal, is dit belangrik om bewus te wees van die taal en styl wat Lukas in sy geskrifte gebruik het.

3.1.1. Taal

Lukas se gebruik van die Koine-Grieks vergelyk goed met antieke skrywers van daardie tyd, en in sy taalgebruik oortref hy meeste van die die Nuwe-Testamentiese skrywers. Met reg kan gesê word dat Lukas 'n Griekse skrywer by uitnemendheid was, 'n uitnemendheid wat gevind word in die Evangelie volgens Lukas sowel as in die handelinge van die Apostels (vgl. Du Plessis, 1996:160). Beide sy proloë, Lukas 1:1-4 en Handelinge 1:1-2, is gelaai met informasie en is gekonstrueer met die beste Koine-Grieks van daardie tyd, wat dit byna onmoontlik maak om dit presies na enige moderne taal te vertaal (Lenski, 1946:18). Verder het hy daarna gestreef om nie Semitiese, Latynse en platvloerse Griekse aanhalings te gebruik nie. Hy het baie Hebreeuse uitdrukkings gehelleniseer, byvoorbeeld: ῥαββι word ἐπιστάτης, ραββουνι word κύριε, καναναῖος word ζηλωτής. Vanweë sy Griekse inslag is Lukas se evangelie die evangelie wat die meeste beïnvloed is deur die Septuaginta (Du Plessis, 1996:145; Kimball, 1994:17; Müller, 2001:322; Steyn, 1989:864).

3.1.2. Styl

Anders as by argumentatiewe stof, waar daar 'n logiese diskussie is, gebruik die verteller van 'n narratiewe teks sy karakters in sy verhaal om die vernaamste sake waaroor hy skryf te belig (vgl. Scheffler, 1991:62). Deur

van verskeie tegnieke gebruik te maak, ontwikkel die verteller 'n sekere styl waarmee hy sy boodskap oordra. Marguerat (2002:44) wys op die volgende tegnieke wat Lukas se styl na vore bring:

3.1.2.1. Weerhouding van inligting

Wanneer sekere dele in die Evangelie volgens Lukas vergelyk word met die parallelle dele in die ander sinoptiese evangelies, word dit duidelik dat die verteller sekere motiewe in die evangelie uitgelaat het, met die doel om dit later in die handelinge van die Apostels te gebruik.

'n Voorbeeld hiervan is Lukas se weergawe van Jesus se verhoor voor die Sanhedrin. Markus maak melding van die valse beskuldiging wat teen Jesus ingebring is oor die vernietiging van die tempel en die opbou daarvan in drie dae (Mark. 14:58). Lukas laat hierdie besonderhede uit in sy evangelie (vgl. 23:66), maar meld dit wel by die vertelling van die inhegtenis neming van Stefanus (Hand. 6:14).

3.1.2.2. Selektiewe insluitings

*Inclusio,* wat aan die einde van 'n vertelling die aanvanklike motief weer oproep, is 'n retoriese strategie wat deur vertellers en sprekers gebruik word om die eenheid van 'n onderwerp duideliker te maak. Stronstad (1999:19) wys daarop dat die rede vir Lukas se selektiewe omgaan met al die inligting tot sy beskikking tweevoudig is: 1) Om sy parallelle struktuur wat in beide sy geskrifte gereflekteer word, te dien en 2) om sy sentrale teologiese tema wat sy hele narratief oorheers, te ondersteun.

'n Voorbeeld hiervan is die feit dat Lukas se evangelie begin en eindig by die tempel. Die koms van die Messias word aangekondig by die tempel (Luk. 1:5-25) en eindig by die tempel waar die dissipels die koms van die Gees

inwag (Luk. 24:53). Op dié manier word die evangelie geanker in die teenwoordigheid van God met sy mense – die simboliese betekenis van die tempel.

3.1.2.3. Verwysings na vorentoe (prolepsis)

Lukas maak hoofsaaklik van vier tegnieke gebruik wat die leser dwing om vorentoe te beweeg in die vertelling. Sodoende word die Goddelike rigting van die geskiedenis beklemtoon. Die vier tegnieke kan kortliks soos volg beskryf word:

Prolepsis: 'n Projeksie na die toekoms. Die belofte van Christus aan die elf voor sy hemelvaart is 'n voorbeeld van 'n prolepsis (Hand. 1:8).

Elliptiese prolepsis: 'n Projektering op die toekoms met so effens van 'n draai. Simeon se orakel bevat 'n seëning vir Jesus se ouers (Luk. 2:34) asook 'n aankondiging wat 'n skadu werp oor die res van die verhaal (Luk. 2:34b-35a).

Narratiewe ketting: Die lyne wat die verteller trek tussen sy twee geskrifte sodat die leser die kontinuïteit en vordering van die narratief kan optel. Een van die duidelikste kettings is die ketting van die "hoofman oor honderd". Drie hoofmanne oor honderd tree na vore tydens sleutelgebeure in die Lukasnarratief. Die eerste nie-Jood wat Jesus vra vir genesing (Luk. 7:1-10); die belydenis aan die voete van die kruis (Luk. 23:47); en die bekering van Cornelius, 'n nie-Jood (Hand. 10-11).

Sinkrisis: Twee karakters word so deur die verteller aangebied dat hulle vergelyk kan word of sodat daar 'n korrelasie tussen die twee kan wees. Twee karakters van die narratief word geplaas onder soortgelyke omstandighede. 'n Voorbeeld hiervan is die lyding van Jesus (Luk. 23:34-46) en die lyding van Stefanus (Hand. 7:55-60).

### 3.1.2.4. Direkte plasing van gebeure in wêreldtyd en -geskiedenis

Du Plessis (1996:146) wys op nog 'n tegniek: Die verteller plaas sy narratief in die werklikheid deur te verwys na die wyer wêreld-situasie. Christus se geboorte vind plaas binne die tyd en geskiedenis van die wêreld van keiser Augustus en goeweneur Sirenius (Luk. 2:1-2). Lukas toon duidelik aan dat Johannes die doper se openbare optrede begin in die vyftiende regeringsjaar van keiser Tiberius, terwyl Pontius Pilatus goeweneur is van Judea (Luk. 3:1,2). Net soos die Ou-Testamentiese skrywers die geskiedenis van Israel geplaas het in die konteks van die antieke wêreld van die Nabye-Ooste, het Lukas sy narratief wat die oorsprong en geskiedenis van die vroeë kerk beskryf, binne die konteks van die Grieks-Romeinse wêreld geplaas (Stronstad, 1999:21)

### 3.1.3. Struktuur

Sonder twyfel is die Lukaanse geskrifte met deeglike sorg beplan en geskryf. In die twee geskrifte van Lukas is daar duidelik 'n parallel in struktuur, wat nie maar net per toeval is nie. In beide boeke vind ons die volgende struktuur (Stronstad, 1999:14):

i. Begin-narratief.
ii. Openings-narratief wat melding maak van die gawe van die Heilige Gees en 'n gepaardgaande preek wat hierdie gawe verduidelik.
iii. Verslae oor bevestigde wonders en die komplementêre goedkeurende of niegoedkeurende reaksies.
iv. 'n Reis-narratief.
v. Geregtelike verhoor-narratief.

## 3.2. Historiese en teologiese narratief

Een van die mees uitstaande kenmerke van die Lukaanse geskrifte is die verhouding tussen Lukas die historikus en Lukas die teoloog. Lukas se denke oor God het gestalte gekry in die motiewe in sy geskrifte. Die skrywer wat ons ken as Lukas was die heel eerste historikus van die Christendom (Meeks, 2003:154; vgl. Marguerat, 2002:1). Alhoewel hy nie 'n ooggetuie was nie, het hy die verslae gehad van ooggetuies en kon hy die akkuraatheid daarvan en koherensie daarvan wetenskaplik navors. Gesien in die lig van sy proloog het Lukas self geglo dat sy weergawe van die gebeure akkuraat is. Vir hom was dit die belangrikste geskiedenis wat ooit oorvertel kon word. Deur die selektiewe keuse, rangskikking en hantering van die materiaal in sy bronne, sien ons dat sy geskrifte 'n historiese sowel as 'n teologiese doel het (Bruton, 1969:171; Stronstad, 1999:23)

### 3.2.1. Lukas die historikus

In die proloë van die Lukaanse geskrifte, wat ooreenkom met die vereistes van Grieks-Romeinse geskiedskrywing, identifiseer Lukas die genre van sy geskrifte. Dit is 'n διήγησις (verhaal/narratief, Luk. 1:1); en 'n λόγος (woord/vertelling, Hand. 1:1). Hierdie begrippe identifiseer die Lukaanse geskrifte as 'n historiese narratief. Hierdeur wil Lukas dadelik sy lesers se aandag daarop vestig dat wat hy geskryf het 'n historiese doel het (Stronstad, 1999:24). Alhoewel die Grieks-Romeinse invloed sterk na vore kom, bly Lukas in lyn met die Joodse tradisie van geskiedskrywing. Lukas vertel sy verhaal deur die lewens van Geesvervulde karakters wat die Goddelike drama opvoer op die verhoog van die mens se geskiedenis (Bruton, 1967:169).

Die historiese dimensie van die Lukaanse geskrifte sluit meer in as net die weergee van blote feite, dit het 'n didaktiese en instruksionele dimensie.

Deur vir Teofilus en sy medeluisteraars die oorsprong van die Christendom en die uitbreiding daarvan tot in Rome te vertel, wil Lukas seker maak dat hulle 'n meer akkurate weergawe hoor oor dit wat hulle reeds weet. Navorsers beskou die Lukaanse geskrifte as 'n dokument wat geskryf is om gelowiges wat twyfel in die waarheid te onderrig en te bemoedig deur hulle te verseker dat die verlossingsdaad van God ook vir hulle betekenis het (Larkin, 2000:405). Deur dus 'n akkurate weergawe van historiese gebeure neer te skryf wil Lukas sy hoorders leer en bemoedig op verskillende maniere (Stronstad, 1999:24):

i. *Bevestiging van die profesieë*: Lukas maak gereeld gebruik van profesieë om te bevestig dat Jesus die eskatologiese Gees-gesalfde profeet is, wat daartoe lei dat sy volgelinge die eskatologiese gemeenskap van Gees-vervulde profete is (vgl. Luk. 4:16-33 en Jes. 61:1; Hand. 2:2-4 en Joël 2:28-32) .

ii. *Voorbeelde (presedente) en patrone*: Werklike gebeure word gebruik as voorbeelde (vgl. Hand. 10:1-48) en om 'n sekere patroon aan te dui (vgl. Hand. 10:44 - 48).

iii. *Vertel die onderrig van Jesus*: Lukas leer sy hoorders van die Heilige Gees deur hulle te vertel van Jesus se onderrig daaroor (vgl. Luk. 11:13; Hand. 8:15-17).

iv. *Vertel die onderrig en prediking van die apostels*: Deur Petrus se preek (Hand. 2:14-41) na die uitstorting van die Heilige Gees te vertel, leer Lukas sy hoorders belangrike feite oor die gawe van die Gees.

v. *Maak gebruik van gevestigde teologiese terminologie*: Lukas is lief om die aktiwiteit van die Gees te beskryf met die term "vervul met die Heilige Gees" (Luk. 1:15), 'n term wat ook gebruik word in die Septuaginta – die Bybel van Lukas en sy eerste lesers.

### 3.2.2. Lukas die teoloog

Die didaktiese dimensie van die Lukaanse geskrifte word gekomplementeer deur die teologiese dimensie daarvan. Die teologiese dimensie is gevorm deur die teologiese denke van die kerk van daardie tyd. Bruton (1969:171) wys daarop dat as Lukas beskou kan word as 'n akkurate historikus, dan moet die teologiese interpretasie wat hy in sy geskrifte aanbied 'n ware refleksie wees van die teologiese denke van die apostoliese kerk (vgl. Stott, 1990:30). In hierdie omstandighede het die Heilige Gees vir Lukas gelei om God se woorde aan mense te kommunikeer.

Lukas identifiseer die onderwerp van sy eerste vertelling met "alles wat Jesus gedoen en geleer het" (Hand. 1:1). Hy volg hierdie eerste vertelling van die handelinge van Jesus op met 'n vertelling van die handelinge van die apostels. Die handelinge van die apostels is aangevuur deur dieselfde Gees as die Gees wat die Messias gelei het. So kry ons in die Handelinge van die Apostels die komplementêre onderwerp. Die primêre onderwerp is dus teologies, of meer spesifiek, dit is oor God se plan van verlossing deur die Christus-gebeure (Du Plessis, 1996:147). Hierdie teologie van verlossing word reeds vroeg in sy geskrifte uitgebeeld in die lied van Simeon. Volgens Stott (1990:30) staan drie fundamentele waarhede duidelik uitgespel in die lied:

i. Verlossing is voorberei deur God: Terwyl Simeon tot God spreek in sy lied sê hy: "omdat my oë u verlossing gesien het". Die geboorte van Christus is oor eeue heen goed beplan en belowe. Regdeur die Lukaanse geskrifte beklemtoon Lukas hierdie feit. Petrus en Paulus se preke en die getuienis van Stefanus bevestig dat Christus se dood, opstanding, koningskap, en uitstorting van sy Gees die vervulling is van eeue se beloftes deur die profete van die Ou Testament.
ii. Verlossing word bewerk deur Christus: Wanneer Simeon verwys na "u verlossing" wat hy "gesien het" en "gereed gemaak het voor die oë van al

die volke" verwys hy na die baba Jesus wat hy in sy arms kon vashou en wat gebore is as Verlosser. Jesus maak self later die stelling: "Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is". Na sy dood, opstanding en hemelvaart verkondig sy apostels: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang" (Luk. 2:38-39).

iii. Verlossing is moontlik vir alle volke: Simeon stel dit: "wat U gereed gemaak het voor die oë van al die volke: 'n lig tot verligting van die nasies en tot eer van u volk Israel". Sonder twyfel is dit hierdie waarheid waarop Lukas die meeste klem plaas. In sy evangelie toon Lukas Jesus se besondere omgee vir diegene wat deur die samelewing verwerp word, naamlik vrouens, kinders, armes, siekes, sondaars, Samaritane en heidene. In sy tweede geskrif beskryf hy hoe Paulus die evangelie verkondig aan die heidennasies en hoe die evangelie triomfantlik uitbrei vanaf Jerusalem, die hoofstad van die Jode, tot in Rome, die hoofstad van die wêreld.

3.3. Die Heilige Gees

Lukas stel die *werk van die Heilige Gees* sterker op die voorgrond as wat die ander evangelies dit doen. Hy wys daarop dat daar 'n noue band tussen Jesus en die Heilige Gees is, en dat die Gees onontbeerlik is in die lewe van die gelowige. Die Gees wek die verwagting van die koms van die Messias (Luk. 1:41ev), neem besit van Sagaria sodat hy die lofsang kan uitspreek (Luk. 1:67), en vul die lewe van Simeon en Anna (Luk. 2:25ev). Deur die krag van die Heilige Gees geskied die maagdelike ontvangenis (Luk. 1:35) sodat die Kindjie Jesus werklik die "Verlosser van Israel" kon wees (Luk. 2:25). Daarom kon Hy ook met waarheid sê: "die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te bring" (Luk. 4:18), en sy werk begin "vol van die Heilige Gees" (Luk. 4:1). Vir sy dissipels is die

Gees die krag om hulle roeping te gehoorsaam (Luk. 24:49). Dit word geskenk aan elkeen wat die Vader daarvoor bid (Luk. 11:13). Uit die besondere rol wat die Heilige Gees daarin speel, is dit duidelik dat die skrywer die ontstaan en die groei van die kerk (Hand, 1:8; 2:4, 33, 38; 4:8) uitsluitlik as die werk van die Heilige Gees sien (De Villiers, 1977; vgl. Bruton, 1967:236; Carruth, 1973:87; Conner, 1949:34; Stronstad, 1999:15).

3.4. Die belangrikheid van die tempel

In die Lukaanse geskrifte speel die tempel, die middelpunt van die Joodse godsdienstige lewe, 'n baie belangrike rol. In die Evangelie volgens Lukas kom die woord "tempel" agtien keer voor en in die handelinge van die Apostels sewe en twintig keer. Die eerste gebeurtenis waarvan Lukas getuig, die aankondiging van Johannes die doper se geboorte, speel af in die tempel (Luk. 1:8-23). Die Kindjie Jesus word deur Simeon en Anna in die tempel begroet en verwelkom as die langverwagte Verlosser (Luk. 2:25). Die evangelie eindig waar die dissipels by die tempel bly en God prys (Luk. 24:53). Vroeg in Handelinge word daar melding gemaak dat die eerste gemeente elke dag by die tempel bymekaar gekom het (Hand. 2:46). Saam met die belangrikheid van die tempel gaan ook die belangrikheid van die stad Jerusalem (Du Plessis, 1996: 148; vgl. O'Neil, 1970:71).

Vir die volk Israel was die tempel "die huis van God". Met die plasing van die verbondsark in die tempel is die tempel gevul met 'n wolk (1 Kon. 8:10). Hierdie wolk was tydens die woestynjare van Israel die teken van God se teenwoordigheid in die tent van ontmoeting (Eks. 33:9; 40:34-35; Num. 12:4-10). Met reg kan gesê word dat die tempel in Jerusalem vir die volk Israel die simbool van God se teenwoordigheid by sy volk was. Lukas gebruik hierdie simboliek regdeur sy geskrifte om aan te dui dat God midde in die gebeure waarvan hy vertel staan.

### 3.5. Universialisme

Jesus is nie net die Verlosser vir Israel nie, maar vir alle mense. Sy koms word ingeskakel in die wêreldgeskiedenis (Luk. 2:1; 3:1 e.v.). Daarvan getuig die bejaarde Simeon wanneer hy sê dat hy in vrede kan sterwe "omdat my oë u verlossing gesien het wat U gereed gemaak het voor die oë van al die volke: 'n lig tot verligting van die nasies en tot eer van u volk Israel" (Luk. 2:30 e.v.). Aan die slot van die evangelie kom die opdrag dat "bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig (moet) word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder" (24:47). Die evangelie is universeel in sy bestemming. Die verhaal van die voortgang van die evangelie na alle volke word deur Lukas voortgesit in die handelinge van die Apostels (Du Plessis, 1996:149).

### 3.6. Gebed

In die Lukaanse geskrifte speel gebed 'n baie belangrike rol. In die lewe van Jesus self kry die gebed 'n ruim plek (Luk. 3:21; 5:16; 6:12; 9:18 en 28 e.v.; 11:1 e.v.; 22:31 e.v. en 39 e.v.; 23:34 en 46). Uit die nege verwysing na gebede van Christus is daar sewe wat net in die Evangelie volgens Lukas voorkom - elke keer by 'n spesifieke draaipunt in die lewe van Christus (Du Plessis, 1996:149). Hy doen ook moeite om die dissipels onderrig te gee in die gebed (Luk. 11:2 e.v.) en dit toe te lig deur gelykenisse (Luk. 18:1 e.v. en 10 e.v.). By herhaling en met groot erns vermaan Hy: "Bid dat julle nie in versoeking kom nie" (Luk. 22:40 en 46).

## 4. SENTRALE TEOLOGIESE TEMA IN DIE LUKAANSE GESKRIFTE

Wanneer daar gepoog word om die teologie van Lukas te beskryf, kom die vraag na vore of dit gedoen kan word aan die hand van 'n sentrale teologiese

tema. Is dit moontlik dat daar een oorkoepelende teologiese motief is wat soos 'n goue draad deur sy geskrifte loop?

Voor daar egter gekyk kan word na die teologiese temas in Lukas se geskrifte om sodoende vas te stel wat sy sentrale motief is, moet daar eers gekyk word na wat die doel van die skrywer was. Wat het hom beweeg om te skryf?

4.1. Die doel van die Lukaanse geskrifte

Bruton (1967:172) merk tereg op dat wanneer daar na die intensie van die skrywer Lukas gesoek word, daar twee sake is wat in gedagte gehou moet word.

In 'n geskrif soos die Lukaanse geskrifte gaan daar heel moontlik meer as een doel of motief wees wat die skrywer wil beklemtoon. Dat verskeie ondergeskikte motiewe bestaan, word duidelik as gekyk word na die verskeidenheid van motiewe wat deur kommentators aangetoon word. Won (1999:14) wys 'n paar van hierdie motiewe uit:

- Om te verduidelik waarom Jesus nog nie teruggekeer het nie;
- Om die Christelike geloof te verdedig;
- Om te dien as verdediging van Paulus teen die Jode in Rome;
- Om die evangelie teen die Gnostisisme te verdedig;
- Om te kan evangeliseer;
- Om die Woord en die boodskap van verlossing te bevestig;
- Om die heidene se teenwoordigheid in die nuwe gemeenskap van die gelowiges geldig te verklaar.

Omdat die twee geskrifte van Lukas 'n eenheid is, moet die doel omvattend genoeg wees om die dryfkrag agter albei geskrifte weer te gee.

As alles hierbo in ag geneem word, is dit duidelik dat die Lukaanse geskrifte oor 'n multidimensionele doel beskik. Hierdie multidimensionele doel het nie net 'n historiese dimensie nie, maar dit het ook 'n didaktiese of instruksionele dimensie en 'n teologiese dimensie. Lukas dui self die multidimensionele doel in sy proloog aan (Stronstad, 1999:23; Carson *et al*, 1992:198).

Lukas is die enigste evangelis wat die doel van sy geskrifte duidelik aandui. In sy proloog (Luk. 1:1-4), wat ook dien as proloog vir sy tweede geskrif vanweë die eenheid van sy geskrifte, stel Lukas dit duidelik dat hy gepoog het om 'n deeglike historikus te wees (historiese dimensie). Die hoeveelheid uitdrukkings in hierdie paar verse wat ooreenstem met geskrifte van erkende historici van sy tyd is opmerklik (Du Plessis, 1996:158). Hy verwys byvoorbeeld na die ondervraging van "ooggetuies", wat verpligtend was vir enige geldige geskiedskrywing van daardie tyd. Verder verwys hy na die wetenskaplike metode waarmee hy sy bronne "ondersoek" het en in die "regte volgorde" neergeskryf het. Eindelik stel hy die doel van sy geskrifte duidelik in vers 4: "So kan u (Teofilus) te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is".

Sy doel is om dit wat Teofilus reeds gehoor het van die evangelie te bevestig, en om die geloofwaardigheid van die verhaal te demonstreer deur die narratief wat volg. Lukas wou Teofilus, wat 'n vooraanstaande Griek en gelowige was, se geloof bevestig en versterk. Alhoewel Teofilus die eerste een was wat hierdie narratief ontvang het, wou Lukas ook gehad het dat Griekse heidene die evangelie van Jesus moes hoor. Lukas wou dus vir heidene wat pas tot die geloof in Jesus gekom het, voorsien van didaktiese en instruktiewe (didaktiese & instruktiewe dimensie) materiaal (Won, 199:13). Vanweë die eenheid van Lukas se twee geskrifte word hierdie doel voortgesit in "Die Handelinge van die apostels". Waar Lukas in sy eerste geskrif die heidense Christene leer oor die werk van Jesus Christus toe Hy

op aarde was, gaan dit in hoofsaak in sy tweede geskrif oor die werk van Jesus Christus wat Hy deur sy Gees in sy kerk verrig.

### 4.2. Teologiese temas

Die historiese- en didaktiese dimensie van Lukas se geskrifte word deur 'n teologiese dimensie gekomplementeer. In 'n lang geskrif, soos in elk van die Lukaanse geskrifte, is dit soms moeilik om net een sentrale tema of motief uit die geskrif te haal wat die denke van die skrywer gaan weerspieël. Daarom vind ons dat daar 'n verskeidenheid van temas is wat deur navorsers voorgehou word as die sentrale tema van die Lukaanse geskrifte. De Villiers (1996:172) beweer dat diegene wat na een enkele tema soek, dit nie sal vind nie. Daar moet eerder gepoog word om die verskeidenheid van temas uit te lig. Van die belangrikste temas wat uitgelig word is:

#### 4.2.1. Verlossing

Lukas is die teoloog van *Heilsgescichte.* Die redes hiervoor is dat die term verlossing (σωτὴρ, σωτήριόν) so baie voorkom in die Lukaanse geskrifte en dat Lukas 'n voorliefde het om na Jesus te verwys met die titel σωτὴρ - Verlosser (Carson *et al*, 1992:128; De Villiers, 1996:172).

#### 4.2.2. Geskiedenis

Ander navorsers plaas die klem op die geskiedenis as hooftema. Reasoner (1999:635) verwys na navorsers wat beweer dat die Lukaanse geskrifte die geskiedenis vertel van die oorsprong en vestiging van 'n institusie, die ἐκκλησία of αἱρέσις van die Christendom.

4.2.3. Die Heilige Gees

Die werk van die Heilige Gees loop soos 'n goue draad deur die Lukaanse geskrifte (De Villiers, 1999:172). Die Heilige Gees was reeds van geboorte af op Johannes die Doper (Luk. 1:15) en by tye was beide sy ouers vervul met die Heilige Gees (Luk. 1:41, 67). Die Heilige Gees het aan Simeon bekend gemaak dat hy nie sal sterf voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie (Luk. 2:25-27). Die Heilige Gees was nou betrokke by die geboorte en in die bediening van Christus: Die Heilige Gees wek lewe in Maria (Luk. 1:35), Christus word gedoop met die Heilige Gees (Luk. 3:21-22), Christus word die woestyn ingelei deur die Heilige Gees (Luk. 4:1) en in Christus se bediening en in die bediening van die apostels beklemtoon die skrywer van die Lukaanse geskrifte die rol wat die Heilige Gees vervul het in hulle bediening.

Die kies van materiaal wat direk en indirek verwys na die Heilige Gees wys daarop dat die Heilige Gees 'n belangrike rol in Lukas se teologiese denke gespeel het. Hierdie verwysings word doelbewus gedoen om die skrywer se sentrale teologiese tema te versterk. As gevolg hiervan wys Bruton (1967:236) daarop dat die Heilige Gees een van die belangrikste sentrale teologiese motiewe van die Lukaanse geskrifte is.

4.2.4. Die "plan van God" of "die handeling van God" as teologiese tema

Die motief wat uitstaan bo die res van die teologiese motiewe in die Lukaanse geskrifte is God se aksie van verlossing van alle sondaars (De Villiers, 1996:173), of soos Squires (1993:10) dit stel: Die plan van God soos dit gestalte kry in die werk en lewe van Jesus Christus en in die geskiedenis van die vroeë kerk. Hierdie tema omsluit 'n verskeidenheid van temas en weerspieël die sentrale teologiese denke van die skrywer Lukas. Die Evangelie volgens Lukas bevestig wat God gedoen het in die lewe van

Christus, in sy kruisiging en in sy opstanding. "Die Handelinge van die Apostels" bou hierop voort deur aan te dui hoe God sy plan van verlossing deur sy diensknegte laat verkondig tot aan die einde van die wêreld. In die Lukaanse geskrifte bly God die een wat handel. Van die tyd wat God die engel Gabriël na Nasaret gestuur het om aan Maria te sê dat sy aan Jesus die Verlosser geboorte gaan skenk, totdat Paulus in Rome getuig van dit wat in Jerusalem gebeur het, was God die een wat vir die mens volgens sy plan verlossing bewerk het (O'Neil, 1970:185).

Om die handelinge van God as sentrale tema in die Lukaanse geskrifte aan te dui, verwys ek kortliks in die besonder na twee skrywers se menings oor hierdie onderwerp.

4.2.4.1. Squires : Die plan van God

Die plan van God is volgens Squires (1993) 'n kenmerkende tema wat al die onderliggende motiewe van die Lukaanse geskrifte saamvat. Verskeie ander temas word saamgeweef om die noodsaaklikheid en die volhoubaarheid van God se plan te beklemtoon in die lewe van Christus en die geskiedenis van die vroeë kerk.

Hierdie tema (ἡ βουλη τοῦ θεοῦ ) word vir die eerste keer voorgehou in die Evangelie volgens Lukas, waar die plan van God gekoppel word aan die aanvaarding van die doop van Johannes. Die tollenaars (Luk. 7:29-30) aanvaar die doop van Johannes, dus erken hulle God se plan. Terwyl die Fariseër en die Skrifgeleerdes dit verwerp. In die heel eerste groot toespraak in die "Handelinge van die Apostels", verklaar Petrus dat die kruisiging van Jesus volgens God se vaste besluit en voorkennis van die gebeure plaasgevind het (τῇ ὡρισμένῃ βουλῇ καὶ προγνώσει τοῦ θεοῦ ) (Hand. 2:23). In sy afskeidsrede aan die ouderlinge in Efese verklaar Paulus: "ek het nie nagelaat om die heilsplan van God in sy volle omvang

aan julle te verkondig nie" (πᾶσαν τὴν βουλὴν τοῦ θεοῦ) (Hand. 20:27). Die term βουλῆ, wat verwys na God se plan, kom een keer voor in die evangelie en vyf keer in Handelinge (Luk. 23:51; Hand. 2:23; 4:28; 5:38; 13:36; 27:42).

Ander aanduidings van God se plan word regdeur die Lukaanse geskrifte gevind. God word voorgehou as een wat tevrede is met Jesus. Verwysings na die gehoorsaamheid van Christus aan die wil van die Vader versterk die voortgaande uitwerking van die plan van God. Die skrywer Lukas gebruik gereeld die terme "Ek moet"[1] en somtyds "dit gaan gebeur"[2] om die ontplooiing van God se plan in die geskiedenis aan te dui. Die geskiedenis van Jesus en die vroeë kerk kan verstaan word as die vervulling van die Skrif, en daarom is dit heeltemal in lyn met die plan van God. Die verskeidenheid van uitdrukkings van die primêre tema van die plan van God kan in vyf kategorieë verdeel word:

i. God is die hoof-Agent in die Lukaanse narratief, want God se aksies strek oor die hele geskiedenis van die mensdom – van die skepping tot die finale oordeel.
ii. God rig die lewe van Jesus en die sending van die kerk deur wonders te doen.
iii. Uitsprake oor God word gemaak deur Jesus en die apostels wat verklaar dat God se wil die wêreldgeskiedenis rig.
iv. Die lewe van Jesus, veral sy lyding, en die sending na die heidene, is die vervulling van wat geprofeteer is.
v. In die lyding van Jesus en die sending van die apostels is daar inherent 'n noodsaaklikheid wat deur Jesus vooraf bepaal is. Langs hierdie tema van noodsaaklikheid is die rol van menslike agente in die

---

[1] δεῖ word 18 keer in Lukas en 24 keer in Handelinge gebruik – totaal van 42 keer – uit 'n totaal van 102 in die hele Nuwe Testament.

[2] μέλλω Luk. 9:31,44; 22:23; 24:21; Hand. 17:31; 26:22,23.

uitvoering van God se plan; sommige mag dit teëstaan, maar die wat aan God se wil gehoorsaam is, word sleutelrolle in die plan van God.

Hierdie indikators van God se plan is regdeur die Lukaanse geskrifte in verskillende kombinasies verweef. Alles wat Lukas in sy geskrifte vertel val onder die voorsienigheid van God. Die funksie van die tema "Die plan van God" in die Lukaanse geskrifte is drievoudig:

i. Dit bevestig die geloof van die lesers deurdat dit 'n saambindende interpretasie van die oorsprong en uitbreiding van die Christelike geloof daarstel.
ii. Dit moedig die lesers aan om hulle getuienis oor Christus uit te lewe deurdat dit die evangelie meer verstaanbaar maak.
iii. Dit is moontlik vir die gelowiges om hulle geloof te verdedig deurdat hulle sien hoe Christus en die vroeë kerk geldige verduidelikings aanbied ter verdediging van die Christelike geloof in hulle eie tyd.

4.2.4.2. Reasoner: Vervulling van die Goddelike noodsaaklikheid

Reasoner (1999:635-659) reageer op navorsers wat beweer dat die sentrale motief van die Lukaanse geskrifte die geskiedenis van 'n institusie is, met ander woorde dit vertel net die oorsprong en uitbreiding van die kerk as instituut. Laasgenoemde stelling ignoreer die dominansie van God, Jesus en die Heilige Gees in Handelinge. Reasoner verskaf 'n alternatief wat hy noem die Goddelike noodsaaklikheid (Goddelike "moet") in die geskiedenis. Volgens Reasoner is daar meer in die Goddelike plan of noodsaaklikheid as net verlossingsgeskiedenis.

Die lewens van diegene wat die woord van Jesus proklameer en wat daarmee in aanraking was, wys op 'n Goddelike noodsaaklikheid. Wanneer die beskrywing van besonderhede soos die dood van Judas Iskariot, Judas se vervanging deur Mattias (Hand. 1:12-26) en die rigting en tyd van Paulus

se reise gekoppel word aan 'n Goddelike noodsaaklikheid, sien ons dat die Lukaanse geskrifte meer inhou as net "Heilsgeskiedenis". Goddelike noodsaaklikheid in die geskiedenis sluit direk aan by die sekerheid (ἀσφάλεια) waarna in die proloog verwys word (Luk. 1:4). Die skrywer wil 'n sekerheid vestig onder sy leser oor dit wat vir hulle geleer is en oor 'n sekerheid in hulle eie lewens.

Die motief van Goddelike noodsaaklikheid kan gesien word in die historiese narratiewe van die Lukaanse geskrifte. Hierdie Goddelike noodsaaklikheid strek verby Jesus se antwoord aan sy dissipels (Hand.1:7-8) tot by die reaksie van die Romeinse Jode op Paulus se boodskap en sy voortdurende proklamasie daarvan. Lukas se siening oor die Goddelike noodsaaklikheid kan in vier aspekte verdeel word: i) die Goddelike plan is 'n soort blou-druk wat uitgevoer moet word, soos voorspel is deur Skrif en deur Goddelike uitsprake; ii) die oproep tot gehoorsaamheid is 'n bykomende vorm van noodsaaklikheid waarin menslike agente die plan van God tot uitvoer bring; iii) die "waarborg" as 'n bron van bemoediging en sekerheid; iv) en die dramaties-komiese verstaan van die verlossingsgeskiedenis, waarin gebeure hopeloos lyk en dan heeltemal omgekeer word deur Goddelike ingrype en uitvoering van die Goddelike plan.

Die verhaal van Goddelike noodsaaklikheid in die Lukaanse geskrifte is nie 'n koue rigiede plan wat van ewigheid tot ewigheid onverbiddelik voortgaan en waar die mens maar net 'n pion in is nie. Terwyl daar 'n element van Skriftuurlike vervulling in is, sluit dit ook menslike inisiatief in, veg dit ook teen menslike weerstand, en jubel dit in Goddelike verrassings. Hierdie Goddelike noodsaaklikheid word 'n werklikheid in die lewe van diegene wat die woord van Jesus proklameer en wat voor die woord van Jesus te staan kom.

Die Goddelike noodsaaklikheid is 'n multidimensionele tema wat die Goddelike doel en die menslike inisiatiewe wat aan die werk is in die Lukaanse geskrifte, omvat.

## 5. KONKLUSIE

Kortliks is aangedui dat die Evangelie volgens Lukas en die Handelinge van die Apostels as 'n eenheid beplan is en deur een outeur geskryf is, maar wat uit twee volumes bestaan. Die twee geskrifte is twee dele van die een geskiedenis van God se betrokkenheid met hierdie wêreld. Verder word die eenheid van die Lukaanse geskrifte bevestig deur die gemeenskaplike eienskappe van die geskrifte.

As al die eienskappe van die Lukaanse geskrifte en die uiteenlopende menings oor wat die doel van die geskrifte is in ag geneem word, is dit duidelik dat die Lukaanse geskrifte oor 'n multidimensionele doel beskik. Die multidimensionele doel bestaan uit drie dimensies: i) historiese dimensie; ii) 'n didaktiese of instruksionele dimensie; iii) en 'n teologiese dimensie. Hierdie multidimensionele doel word deur Lukas self in sy proloog aangedui.

Die teologiese motief wat sonder twyfel uitstaan bo die res van die teologiese motiewe en wat al die ander motiewe omvat in die Lukaanse geskrifte is God se aksie van verlossing van alle sondaars, of soos Squires (1993:10) dit stel: Die plan van God soos dit gestalte kry in die werk en lewe van Jesus Christus en in die geskiedenis van die vroeë kerk. Die Evangelie volgens Lukas bevestig wat God gedoen het in die lewe van Christus, in sy kruisiging en in sy opstanding. Die Handelinge van die Apostels bou hierop voort deur aan te dui hoe God sy plan van verlossing deur sy diensknegte laat verkondig tot aan die einde van die wêreld. In die Lukaanse geskrifte bly God die een wat handel. Lukas bevestig hierdie waarheid in die harte van sy

lesers deur die rol wat die Heilige Gees speel in die verlossende aksie van God aan te dui.

# HOOFSTUK 3
# DIE AARD VAN DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE EVANGELIE VOLGENS LUKAS

## 1. INLEIDING

Meeste navorsers is dit eens dat Lukas besonder klem lê op die werking van die Heilige Gees. Meer as enige ander evangelis beskryf Lukas die betrokkenheid van die Heilige Gees in die geskiedenis van die wêreld (Bruton, 1967:236; vgl. Carruth, 1973:87; Conner, 1949:34; Stein, 1992:47; Stronstad, 1999:15).

In die Lukaanse geskrifte is daar nie 'n verduideliking van die werk en die persoon van die Heilige Gees nie. Lukas beskryf die Heilige Gees terwyl Hy aan die werk is (Marguarat, 2002:110). In die Lukaanse geskrifte lei die werk van die Heilige Gees altyd tot tekens en wonders, of anders gestel, iets nuut – die nuwe begin (vgl. Viljoen, 2003:206). Die Lukaanse geskrifte kan as "begin"-narratiewe beskou word. Marguerat (2002:128) verwys daarna as die grondleggende rol wat die Heilige Gees vervul in die Lukaanse geskrifte.

Tog wil Lukas die lesers van sy geskrifte duidelik laat besef dat "die dinge wat onder ons gebeur het" (Luk.1:1) God se verlossende handeling in die geskiedenis van die wêreld is (vgl. Squires, 1993:1). Hierdie verlossende handeling van God word in die Lukaanse geskrifte beskryf deur die lewe en werk van Christus en die geskiedenis van die vroeë kerk (vgl. Viljoen, 2003:204). In albei sy geskrifte beklemtoon Lukas die belangrike rol wat die Heilige Gees vervul in hierdie verlossende handeling van God. Hierdie studie beperk hom tot die Evangelie volgens Lukas.

Om die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God in die Evangelie volgens Lukas te bestudeer, word al Lukas se verwysings na die Heilige Gees in hierdie hoofstuk ondersoek. Om vas te stel wat Lukas se denke oor die Heilige Gees is, moet daar eers gekyk word na wat sy denke beïnvloed het. Kortliks gaan aangedui word watter rol die Ou-Testamentiese getuienis oor die Heilige Gees in Lukas se denke gespeel het. Deur te fokus op wat elke verwysing na die werking van die Heilige Gees in Lukas ons leer oor die persoon en werk van die Heilige Gees, gaan die verwysings tematies geklassifiseer word volgens hulle gemeenskaplike inhoud.

## 2. VERWYSINGS NA DIE HEILIGE GEES

Volgens Won (1999:30) word daar in die Lukaanse geskrifte twee en sewentig keer ( Lukas = 17 keer; Handelinge = 55 keer) direk na die Heilige Gees verwys. Verder word daar nog vier keer indirek verwys na die Heilige Gees as die krag (δύναμις) van God en twee keer indirek na die Heilige Gees verwys as die belofte (ἐπαγγελία) van God. Wanneer hierdie frekwensie met die ander Sinoptiese evangelies vergelyk word, is die beklemtoning van Lukas opvallend. In die ander Sinoptiese evangelies word daar slegs twaalf keer deur Matteus (1:18; 20; 3:11, 16; 4:1; 10:20; 12:18, 28, 31,32; 23:43; 28:19) en ses keer deur Markus (1:8, 10, 12; 3:29; 12:36; 13:11) na die Heilige Gees verwys (Bruton, 1967:40).

### 2.1. Direkte verwysings

In die Evangelie volgens Lukas is daar ses variasies in terminologie wat direk na die Heilige Gees verwys (Bruton, 1967:41). Hierdie terminologie word vervolgens kortliks ondersoek. In hoofstuk 4 word meer volledig op belangrike tekste uitgebrei.

2.1.1. πνεύμα άγίον (1:15, 35, 41, 67; 3:16; 4:1; 11:13)

| | |
|---|---|
| van sy geboorte af sal hy met die Heilige Gees vervul wees. 1:15 | καὶ πνεύματος ἁγίου πλησθήσεται ἔτι ἐκ κοιλίας μητρὸς αὐτοῦ, |
| Die Heilige Gees sal oor jou kom 1:35 | Πνεῦμα ἅγιον ἐπελεύσεται ἐπὶ σε |
| en sy is met die Heilige Gees vervul 1:41 | καὶ ἐπλήσθη πνεύματος ἁγίου |
| is met die Heilige Gees vervul en het as profeet gesê: 1:67 | ἐπλήσθη πνεύματος ἁγίου καὶ ἐπροφήτευσεν λέγων |
| met die Heilige Gees ... doop. 3:16 | βαπτίσει ἐν πνεύματι ἁγίῳ καὶ πυρι |
| vol van die Heilige Gees 4:1 | πλήρης πνεύματος ἁγίου |
| Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra. 11:13 | πνεῦμα ἅγιον τοῖς αἰτοῦσιν αὐτόν. |

Die woorde "Heilige Gees" word hier gebruik as 'n eienaam (vgl. Horton, 1976:20). Die begrip "Gees" staan teenoor vleeslik, en die begrip "Heilig" staan teenoor sonde. Die oorsprong van alles wat gebeur is Goddelik. Die eienaam Heilige Gees verwys na die skeppende krag van God. Lukas 1:35 is byna parallel met Genesis 1:2 waar die "πνεῦμα θεοῦ" verwys na die skeppende krag van God Die onbepaalde vorm kan dui op 'n onbewustelike krag wat skep en profeteer (Ferguson, 1996:16; Kittel, 1964:104; vgl. Plummer, 1942:24; Wood, 1996:1126).

2.1.2. πνεῦμα ἦν ἅγιον (2:25)

| | |
|---|---|
| Die Heilige Gees was op Simeon 2:25 | καὶ πνεῦμα ἦν ἅγιον ἐπ' αὐτόν· |

Die skeiding tussen πνευμα en ἅγιον deur ἦν wys op die verskil tussen die uitdrukkings in 2:25 en 2:26. In 2:25 dui dit op 'n invloed ('n profetiese impuls) wat heilig is, wat Simeon inspireer om te profeteer (Plummer, 1942:66; vgl. Johson, 1991:55).

2.1.3. τῷ πνεύματι (2:27; 4:1, 14)

| | |
|---|---|
| Deur die Gees gelei,... 2:27 | καὶ ἦλθεν ἐν τῷ πνεύματι |
| en deur die Gees is Hy na die woestyn toe gelei, 4:1 | καὶ ἤγετο ἐν τῷ πνεύματι ἐν τῇ ἐρήμῳ |
| vol van die krag van die Gees 4:14 | ἐν τῇ δυνάμει τοῦ πνεύματος |

Hierdie uitdrukking vorm deel van 'n voorsetselfrase wat letterlik kan beteken: "om gelei te word deur *die krag van* die Gees" – om onder die algehele beheer te wees van die Gees (Stronstad, 1999:40).

2.1.4. τὸ πνεῦμα τὸ ἅγιον (2:26; 3:22; 10:21)

| | |
|---|---|
| en dit was aan hom vertel deur die Heilige Gees – *eie vertaling, nie in NAV.* 2:26 | καὶ ἦν αὐτῷ κεχρηματισμένον ὑπὸ τοῦ πνεύματος τοῦ ἁγίου |
| die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. 3:22 | καὶ καταβῆναι τὸ πνεῦμα τὸ ἅγιον σωματικῷ εἴδει ὡς περιστερὰν ἐπ' αὐτόν |
| het Jesus deur die Heilige Gees dit uitgejubel 10:21 | τῷ πνεύματι τῷ ἁγίῳ καὶ εἶπεν |

Die lidwoorde beklemtoon die Goddelike aard van die Gees deur die Heilige Gees duidelik te onderskei van die liggaamlike en deur die Heilige – die Goddelike – te beklemtoon (vgl. Plummer, 1942:281). Die definitiewe vorm kan ook dui op die meer sigbare werk van die Heilige Gees. Eers was dit net sigbaar in die optrede van Jesus, en later na die uitstorting van die Heilige Gees ook in die optrede van die kerk (vgl. Kittel, 1964:105).

2.1.5. τὸ ἅγιον πνεῦμα (12:10, 12)

| | |
|---|---|
| hy wat teen die Heilige Gees laster | τῷ δὲ εἰς τὸ ἅγιον πνεῦμα βλασφημήσαντι |
| die Heilige Gees sal julle op daardie oomblik leer | τὸ γὰρ ἅγιον πνεῦμα διδάξει ὑμᾶς |

Die betekenis van hièrdie term is dieselfde as die betekenis van πνεύμα ἁγίον (2.1.1). Die lidwoord vooraf beklemtoon die "Heilige" (Goddelike) karakter van die Gees.

2.1.6. πνεῦμα κυρίου (4:18)

| | |
|---|---|
| Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het... | Πνεῦμα κυρίου ἐπ' ἐμὲ οὗ εἵνεκεν ἔχρισέν με... |

Hierdie frase is 'n aanhaling uit die Septuaginta van Jes.61:1 en behoort tot die Sondergut-Lukas. Nie net dui dit op die Godheid van die Heilige Gees nie, maar wys ook op die besondere verhouding tussen die Heilige Gees en die ander Persone van die Drie-eenheid (Williams, 1980:21). Die Nuwe-Testamentiese skrywers gebruik wel ander uitdrukkings vir "die Gees van die Here" wat nou hierby aansluit (vgl. Matt. 3:16; 10:20; Hand. 16:7; Rom.8: 9,11; 1 Kor. 6:11; 12:3; 2 Kor. 3:17; Gal. 4:6; Heb. 9:14; 1 Pet.4:14).

2.2. Indirekte verwysings

2.2.1. δύναμις ὑψίστου (1:35)

| | |
|---|---|
| die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek | δύναμις ὑψίστου ἐπισκιάσει σοι |

Volgens Conner (1949:45) wil Lukas dit in hierdie vers duidelik maak dat Jesus se "seunskap", sy wese afhang van die feit dat Hy ontvang is deur die Heilige Gees. Die begrip "oorskadu" wys na Goddelike teenwoordigheid en krag en is duidelik 'n verwysing na die teenwoordigheid van God in die wolkkolom tydens die uittog uit Egipte (Eks. 40:35) (vgl. Johnson, 1991:38; Plummer, 1942:24). Die Gees van God is die Gees van krag wat nuwe lewe wek. Waar die Gees van God aan die werk is, daar is die krag van God aan die werk (Floor, 1982:57)

2.2.2. ἐν δακτύλῳ θεοῦ (11:20)

| | |
|---|---|
| deur die vinger van God bose geeste uitdryf" | εἰ δὲ ἐν δακτύλῳ θεοῦ [ἐγὼ] ἐκβάλλω τὰ δαιμόνια |

Die parallelle gedeelte in Matteus 12:28 maak gebruik van "deur die Gees van God". Met die groot klem wat Lukas plaas op die werking van die Heilige Gees sou 'n mens verwag dat hy dit ook hier sou gebruik. Maar volgens Johnson (1991:181) is die frase "vinger van God" 'n doelbewuste verwysing na Eksodus 8:19, waar die towenaars van die farao moes erken dat die krag agter die wonders wat onder hulle gedoen word "is die vinger van God". Nie net wil Lukas Christus aandui as die profeet net soos Moses nie (vgl. Hand. 3:22), maar veral wil hy ook aandui dat die Gees van God teenwoordig en aan die werk is in Jesus se lewe.

2.2.3. τὴν ἐπαγγελίαν (24:49)

| | |
|---|---|
| die gawe wat my Vader beloof het | ἐγὼ ἀποστέλλω τὴν ἐπαγγελίαν τοῦ πατρός μου ἐφ' ὑμᾶς· |

Hierdie uitdrukking verwys na die Heilige Gees (vgl. Luk. 4:14; Hand. 1:8) en is die belofte wat vervul word in Handelinge 2:1-13 (vgl. Hand. 2:33). Deur na die Heilige Gees te verwys as "die belofte van God" verbind Lukas Handelinge 2:1-13 aan die beloftes van God rakende die Heilige Gees in die Ou Testament (vgl. Joël 2:28; Jes. 44:3; Eseg.36:26). Volgens Bruton (1967:84) dien hierdie vers as 'n skakel tussen die Evangelie van Lukas en die Handelinge van die apostels. Deur die Evangelie volgens Lukas werk die Heilige Gees deur Christus. In Lukas 24:49 begin Lukas om die werk van die Heilige Gees te verbind aan die werk van die apostels.

2.2.4. ὕψους δύναμιν (24:49)

| | |
|---|---|
| totdat julle met krag van bo toegerus is. | ἕως οὗ ἐνδύσησθε ἐξ ὕψους δύναμιν. |

Reeds in die begin van die Evangelie volgens Lukas (1:35) kry ons die verwysing na die "krag van die Allerhoogste" wat gebeure sal oorskadu. Lukas sluit sy beskrywing van die evangelie af deur weer die begrip "krag van bo" te gebruik. Hierdeur beklemtoon hy dat God deur sy Gees sentraal staan in al die gebeure wat hy tot dusver beskryf het.

## 2.3. Samevatting

Deur die eienaam "Heilige Gees" te gebruik tref Lukas 'n onderskeid tussen die Heilige Gees en ander geeste of kragte wat aan die werk is in die wêreld. Hierdie naam wys in die besonder ook op die Godheid van die Heilige Gees, wat bevestig word deur die beskrywing van die Gees as die Skepper Gees en die Gees van die Here. Christus se hele lewe, reeds van sy ontvangenis af, geskied in die teenwoordigheid van God die Vader en God die Heilige Gees. Die Heilige Gees is deurlopend besig om Christus te lei in sy aksies.

Aksies wat deur die Heilige Gees uitgevoer word in die Evangelie volgens Lukas is:

- Die Heilige Gees vervul die mens – lei die mens;
- Die Heilige Gees kom oor of op die mens;
- Die Heilige Gees doop die mens;
- Die Heilige Gees salf Christus; en
- Die Heilige Gees is die Voorspraak ter verdedeging.

Voor daar in die besonder gekyk gaan word na bogenoemde aksies van die Heilige Gees, is dit belangrik om te gaan kyk na watter invloede Lukas se begrip oor die Heilige Gees gevorm het.

# 3. LUKAS EN DIE OU-TESTAMENTIESE KONSEP VAN DIE HEILIGE GEES

Lukas se denke oor die Heilige Gees is gevorm deur sy Joods-Hellenistiese omgewing. Steyn (1989:865) merk tereg op dat van al die Sinoptici, Lukas die meeste deur die Septuaginta beïnvloed is. Hierdie invloed kom veral sterk na vore in die *Sondergut*-Lukas, meer as by die res van die Lukas evangelie, waar hy ander bronne gebruik het. Elke term wat Lukas gebruik om die aktiwiteit van die Heilige Gees te beskryf, met die enkele uitsondering van die "doop met die Heilige Gees", is terminologie wat gevind kan word in

'n charismatiese[1] konteks in die Septuaginta (Stronstad, 1999: 26; vgl. Green,1975:13; Johnson, 1991:12). Hieruit blyk dit dat die betekenis wat Lukas gee aan die terminologie waarmee hy die aktiwiteit van die Heilige Gees beskryf, nie net deur sy narratief aangedui word nie, maar ook deur die betekenis daarvan in die Septuaginta (Stronstad, 1999:26; vgl. Bruton, 1967:44). Daarom is dit nodig om eers die agtergrond van Lukas se denke oor die Heilige Gees te ondersoek.

3.1. Die Heilige Gees as Skepper God

Die woorde רוּחַ (*ruach*) in die Ou Testament en die woord πνεῦμα (*pneuma*) in die Nuwe Testament verwys na die Gees en het beide die betekenis van "wind" of "asem" (Friedrich, 1964a:367). In die Ou Testament vewys dit na die medium waardeur God sy skeppende en beheersende krag in die wêreld uitoefen (Bruton, 1967:27), of soos Carruth (1973:89) dit stel: die woord רוּחַ verwys na die kreatiewe aktiwiteit of invloed van God op die fisiese wêreld (vgl. Bruton, 1967:27; Conner, 1949:21; Williams, 1980:20).

Die רוּחַ in die Ou Testament staan in verband met die lewe-wekkende (Genesis 1:2; Job 26:13; 33:3; 34:14; Ps.104:40) en lewe-onderhoudende (Gen. 6:3; Job 32:8; 34:14–15) wese van God. Hierdie רוּחַ kom nie van 'n mens nie maar van God, Hy stuur dit, Hy beheer dit, Hy onttrek dit sodat die mens doodgaan (Friedrich, 1964a:368). Selfs die antieke Grieke het geglo dat πνεῦμα die basis van alle bestaan is (Bruton, 1967:34).

Conner (1949:21) wys daarop dat hierdie רוּחַ in die Ou Testament nie gesien moet word as iets wat los staan van God nie, dit moet eerder gesien

---

[1] Stronstad beperk die betekenis van die woord "charismaties" tot 'n persoon se "Gees-bemagtigde bediening"

word as God se eie teenwoordigheid of krag (Num. 27:18; 1 Sam. 10:6–7; 16:13; Jes. 59:21; Hag. 2:5). Die Gees van God is God self, wat immanent is in die wêreld of in die lewe van 'n mens. Maar Hy is nie net immanent nie, Hy is ook die dryfkrag wat alles tot God se doel bring (Jes. 32:15; 34:16; Sag. 4:6).

3.2. Die Heilige Gees en profesie

Latere Judaïsme, in die tyd van die groot profete, het begin wegbeweeg van hierdie konsep van die Heilige Gees. Die rabbi's het die Heilige Gees uitsluitlik gesien as die Gees van profesie (Carruth, 1973:90; De Klerk, 1978:35). Die immanente God is nie net besig te midde van sy kinders nie, maar Hy kommunikeer ook met hulle deur profesieë. Profetiese godsdiens word deur Conner (1949:26) beskryf as 'n godsdiens van Goddelike inisiatief en Goddelike soewereiniteit: God roep die profete (1 Sam. 3:1-9; 1 Kon. 17:2; Jes. 1:1), die profete ontvang hulle boodskap van God (Jes.1:1; Jer.1:1) en hulle spreek in die naam van God en verwerp alle profetiese uitsprake wat van die mens kom. In Numeri 11:25 word dit duidelik gestel dat 'n profeet onderskei word van 'n gewone mens omdat God sy Gees oor die profeet laat kom.

Die רוח van God werk deur die profete as 'n morele krag wat die wil van God bekend maak om sodoende die hele skepping te konformeer volgens die wil van God (Green, 1975:21; vgl. Num. 24:2–3; 2 Sam. 23:2; 1 Kron. 12:18; 2 Kron. 15:1–2; 20:14–15; 24:20; Neh. 9:30; Sag. 7:12). Wanneer die Gees van God die mens inspireer, kommunikeer hy 'n boodskap van God aan die mens en word die mens 'n verteenwoordiger van God by die volk. Die Gees vervulde profeet maak dit moontlik dat daar tweerigting kommunikasie tussen God en die volk van God is (vgl. Conner, 1949:30).

Die boodskap kan verskillende vorme aanneem naamlik drome (Gen. 41:38), visioene (Gen. 15:1; 46:2; Dan. 1:17), ekstatiese uitsprake (1 Sam. 10:7-13), en orakels (2 Sam. 23:2; Am. 7:14-16; Hos. 9:7). In die Ou Testament het die Gees van God net gekom op sekere individue wat geroep is vir spesifieke take. Die Gees was nie beskikbaar vir almal nie en het nie permanent by iemand gebly nie (Green, 1975:26; vgl Geldenhuys, 1988:64). By die groot profete in die Ou Testament soos Jesaja, Jeremia, Samuel, en Elia was dit egter 'n permanente roeping (Conner, 1949:27).

In die tussen-Testamentêre tydperk het die Joodse rabbi's geglo dat die Gees van profesie hulle verlaat het en alleen sou terugkeer met die koms van die Messias (vgl. Eseg. 36:24-28) Alles waarvan Lukas getuig oor die optrede van Jesus, dui daarop dat Hy die eskatologiese, gesalfde Profeet is. Hierdie kenmerk van die Evangelie volgens Lukas onderskei hom van die ander drie evangelies in die Bybel (Stronstad, 1999:37).

3.3. Die Heilige Gees en die Messias

Die Ou-Testamentiese profetiese uitsprake het daartoe gelei dat die werk van die Heilige Gees al hoe meer verbind is aan die Messias en die messiaanse eeu (Bruton, 1967:33). Meeste Ou-Testamentiese voorspellings oor die Messias en die messiaanse era word gevind in die profetiese geskrifte.

Carruth (1973:90) wys daarop dat daar 'n groeiende gedagte by die volk Israel was wat al hoe meer die Heilige Gees beskou as die een wat aktief besig is om verlossing of nuwe lewe te bewerk vir die volk van God (vgl. Jes. 44:3; Eseg. 37:14). In laasgenoemde tekste word die Heilige Gees gesien as die nuwe krag van lewe in die toekomstige bedeling. In die lig hiervan wys Bruton (1967:33) daarop dat die eskatologiese herstel van Israel in die messiaanse eeu 'n morele reiniging insluit wat gedryf word deur die Gees

wat "oordeel en verteer" (Jes. 4:4). Die Heilige Gees sal uitgestort wees oor almal wat gaan deel in die messiaanse eeu (Joël 2:28-30). In 'n meerdere mate sal ook die Messias geïnspireer word deur die Heilige Gees (Jes. 11:1-5; 42:1, 6; 49:8; 61:1).

Vanuit die Ou-Testamentiese profesieë kom dit duidelik navore dat die Seun van Dawid, of anders gestel, die Kneg van die Here, deur die Heilige Gees gesalf sal word, sodat Hy sy messiaanse opdrag kan uitvoer. In die Nuwe Testament word dit duidelik aangetoon (Luk. 2:26; 9:20; Hand. 4:26; Openb. 11:15; 12:10) dat al hierdie profesieë vervul is in Jesus van Nasaret: die een oor wie die Heilige Gees met sy doop gekom het en wat al sy werk gedoen het deur die krag van die Heilige Gees .

3.4. Die begrip "HEILIGE" Gees

Die uitdrukking "Heilige Gees" is deur die Christen skrywers oorgeneem vanuit die Joodse rabbynse tradisie waar die woord "Heilig" die mees innerlike wese van God beskryf (vgl. Jes. 6:3). Die vertalers van die Septuaginta het die woord ἅγιος gebruik vir die vertaling van die woord קדש. In antieke Grieks het die woord ἅγιος verwys na iets wat vrees, eerbied of ontsag inboesem by die mens (vgl. Kittel, 1964:88).

Die term "Heilige Gees" word in die Ou Testament net twee keer gebruik (Ps. 51:13; Jes. 63:10-11). Die konteks van beide laasgenoemde tekste bring die verlossende – die herskeppende - karakter van God na vore (Conner, 1947:32). In Psalm 51 is die Heilige Gees die Een wat "rein" maak en die gees van die sondaar "vernuwe" en in Jesaja 63 is dit die werking van die Heilige Gees wat verlossing bewerk vir die huis van Israel. Dit is in lyn met die hele Ou-Testamentiese gedagte dat die Heilige van Israel die Verlosser van sy volk is (Jes. 41:14; 43:14). Die uitsprake van die Heilige Gees in die

Ou Testament verwys veral na God se heilsbemoeienis met sy volk (vgl. Hag. 2:5; Sag. 4:6)

Onder die evangeliste is Lukas die een wat die meeste gebruik maak van die uitdrukking "die Heilige Gees" of meer letterlik "Gees van Heiligheid". Deur gebruik te maak van ἅγιον verbind hy die Heilige Gees aan God, sodat die woord ἅγιον 'n Goddelike betekenis verkry (vgl, Kittel, 1964:100; Van Genderen, 1958b:404). In plaas daarvan om net gebruik te maak van die woord "Gees", tref Lukas 'n onderskeid tussen die Gees van God en die ander geeste wat bedrywig is in die heidense wêreld.

3.5. Samevatting

Uit die Ou Testamentiese gegewens is daar eienskappe van die persoon en werk van die Heilige Gees wat duidelik sigbaar word in die geskrifte van Lukas. Net soos in die Ou Testament is die Heilige Gees die krag:

- Waarmee God nuwe lewe, die herskepping begin;
- wat God teenwoordig maak in die fisiese wêreld en wat God se beheer oor alles uitoefen;
- wat God se wil aan die mens bekend maak deur mense toe te rus as profete wat God se woord spreek;
- wat Christus bystaan in sy taak as Verlosser; en
- wat volledig God is omdat Hy heilig is – 'n eienskap wat in die Ou Testament alleen aan God behoort.

Laasgenoemde lys is maar net 'n paar lyne wat na die Ou Testament teruggetrek kan word. In fyner besonderhede bestaan daar heelwat meer lyne (vgl. Bruton, 1967; Carruth, 1973; Stronstad, 1999).

# 4. WERKING VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE EVANGELIE VOLGENS LUKAS

Die openingshoofstukke van die Evangelie volgens Lukas word gekenmerk deur die konsentrasie van verwysings na die Heilige Gees (Bruton, 1967:41; Conner, 1949:35). Volgens die Ou-Testamentiese profete (Joël 2:28-29) en die verwagtinge van die Joodse rabbi's, sou die Messias en die messiaanse tyd gekenmerk word deur die terugkeer van die Heilige Gees. Die manifestering van die Gees in die eerste paar hoofstukke van Lukas is 'n duidelike aanduiding dat die messiaanse tydperk aangebreek het. Die terugkeer van die "Gees van profesie" word beklemtoon deur die profetiese aktiwiteite wat plaasvind in die begin-narratief van Lukas. Met reg wys Bruton ( 1967:42) daarop dat Lukas doelbewus hiermee die werking van die Heilige Gees wil vestig as een van die temas van die Lukaanse geskrifte.

Uit die direkte en indirekte verwysing na die Heilige Gees in die Evangelie volgens Lukas wys Lukas op spesifieke aksies wat deur die Heilige Gees uitgevoer word. Om 'n beter begrip te hê oor die aard en werk van die Heilige Gees in die Evangelie volgens Lukas, is dit nodig om vas te stel wat bedoel word met: om met die Heilige Gees vervul te wees; as die Heilige Gees oor die mens kom; om met die Heilige Gees gedoop te wees; om met die Heilige Gees gesalf te wees; en om die Heilige Gees as Voorspraak ter verdediging te hê.

## 4.1. Die vervulling met die Heilige Gees

Onder die sinoptici is dit net Lukas wat die begrip "vervul (πίμπλημι) met die Heilige Gees" gebruik (Bruton, 1967:46). Dit is 'n begrip wat eerstens verwys na ruimtelike vol word (Schippers, 1958:484). Vervulling met die Heilige Gees verdryf alle ander moontlike vervullings.

Vir Lukas gaan die begrip "vervul met" (πλησθήσεται) en om vol te wees van (πλήρης) saam met die begrip "beheer". Die beste voorbeeld hiervan is Lukas 4:1: " Jesus het vol (πλήρης) van die Heilige Gees van die Jordaan af teruggekom, en deur die Gees is Hy na die woestyn toe gelei,...".

Die mens kan ook gevul wees met iets anders. In Lukas 5:12 staan : " En terwyl Hy in een van die stede was, kom daar 'n man vol (πλήρης) van melaatsheid (1953-Afrikaanse vertaling) – die siekte van die melaatse beheer sy lewe. Ook in Handelinge 13:10 staan: "Kind van die duiwel, vol (πλήρης) van alle bedrog en alle listigheid, vyand van alle geregtigheid, sal jy nie ophou om die reguit weë van die Here te verdraai nie?" (1953-Afrikaanse vertaling) – die towenaar van Pafos was onder die beheer van die duiwel. Lukas stel duidelik die volwees van die Heilige Gees teenoor die volwees van siekte of ander bose geeste. Dit waarvan die mens vol is, beheer sy lewe.

Met reg maak Green (1975:149) die stelling dat om vervul te wees met die Heilige Gees, is om net soos Jesus onder die beheer te wees van die Heilige Gees. Floor (1982:121) sluit hierby aan deur te sê dat die vervulling met die Heilige Gees beteken dat iemand geheel deur die Gees beheer word, geheel deur die Gees in beslag geneem is, volledig deur die Gees gebruik word en volledig deur die Gees gelei word. In die praktyk beteken vervulling met die Heilige Gees dat die mens deur die Gees toegerus en gelei word om dit te doen waarvoor God hom geroep het.

In die Evangelie volgens Lukas lei vervulling met die Heilige Gees tot nuwe lewe (1:15; 35), tot profesieë onder oud (1:67-79) en jonk (1:46-55), mans (2:25-35) en vrouens (2:36-38) en tot die optrede van Jesus (4:1). Vir enige Jood wat die Wet en die Profete geken het, moes dit duidelik gewees het dat die messiaanse tyd wat deur die profete voorspel is, (Jes. 11: 1-5; 42:1, 6; 44:3; 49:8; 61:1; Eseg. 37:14; Joël 2:28-30) aangebreek het.

Alhoewel Lukas die "vervulling met die Heilige Gees" en die "doop met die Heilige Gees" aan mekaar verbind (vgl. Hand. 2:4), moet ons dit volgens Floor (1982:118) van mekaar onderskei. Floor wys daarop dat die doop met die Heilige Gees net eenmaal plaasvind, terwyl die mens herhaaldelik opnuut deur die Heilige Gees vervul kan word.

4.2. "Die Heilige Gees sal oor jou kom"

Die grondteks (Luk. 1:35) sê die Goddelike krag sal haar "oorskadu" (ἐπισκιάσει) soos 'n wolk. Johnson (1991:38) wys daarop dat die uitdrukking "Die Heilige Gees sal oor jou kom" dieselfde is as die uitdrukking wat Jesus in sy belofte "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom" gebruik na sy opstanding (Hand.1:8). Die "oorskadu" sluit nou aan by die "skaduwee oor hulle" (Luk.9:34), die wolk tydens die verheerliking op die berg. Duidelik sluit hierdie begrip ook aan by die Ou-Testamentiese wolk wat 'n teken van God se teenwoordigheid was tydens die uittog uit Egipte (Eks.40,35; vgl. Ps.90:4; 139:7 [Septuaginta]; Matt. 17:5). Die uitdrukking "oor jou kom" beklemtoon die gedagte dat God midde in die gebeure teenwoordig is. In die wolk tree God nader, maar Hy bly tog verborge, en sy werking 'n onverklaarbare geheim. Dieselfde beeld wil ten opsigte van die maagdelike geboorte sê dat die teenwoordigheid en werking van God onmiskenbaar is, maar die geheimenis word vir ons nie opgeklaar nie (Groenewald, 1989:35).

4.3. Die doop met die Heilige Gees

In Lukas 3:16 is daar duidelik sprake van die "doop ... met die Heilige Gees en met vuur". Duidelik word daar 'n band gelê tussen die Heilige Gees en die vuur van loutering en oordeel. Die doop met die Heilige Gees wys op die Pinkstergebeure en die doop met vuur wys op die voleinding van die wêreld

(Floor, 1982:15; vgl. Van Genderen 1958a:476) Tog moes hierdie woorde van Lukas aan sy eerste hoorders ook 'n ander betekenis gehad het. In die laat Joodse periode het βαπτίζειν 'n term geword wat gewys het op godsdienstige afwassing of reininging van Levitiese onsuiwerheid (Kittel, 1964:535). Gesien in die lig van die Ou Testament wat die koms van die Heilige Gees gesien het as gepaardgaande met die koms van die Messias en die messiaanse eeu (vgl. Joel. 2:28-29), dui die begrip "doop" daarop dat die tyd van verlossing aangebreek het.

Die doop met die Heilige Gees was 'n beloofde gawe in die messiaanse eeu, en dit was die prerogatief van die Messias om dit uit te stort. Die messiaanse eeu is die sfeer van die Gees. Elkeen wat hierdie sfeer binnegaan, word oorvloei met die skeppende Gees wat die bron van lewe, heiligheid en wysheid is (vgl. Jes. 44:3; Eseg. 47:1-12) (Bruton, 1967:62).

Verder laat die Ou-Testamentiese gegewens oor die doop van die Heilige Gees, die klem veral val op die oorvloed. Die nuwe messiaanse era wat gepaard gaan met die oorvloedige uitstorting van die Heilige Gees – die doop met die Heilige Gees - wys op die reinigingsdaad van Christus (Floor, 1982:20). Die doop met die Heilige Gees wys op die gee van nuwe lewe op grond van die vergewing van sondes. Hierdie siening sluit nou aan by die Ou-Testamentiese siening dat die Heilige Gees verlossing bewerk vir die volk van God (vgl. punt 3.3).

### 4.4. Salwing deur die Heilige Gees

Christus se self-identifisering as 'n profeet in sy openingsnarratief (Luk. 3:1-4:44) lui die gedagte in dat Hy die gesalfde eskatologiese profeet is wat deur die Ou-Testamentiese profete voorspel is. Ook die dissipels identifiseer Jesus as 'n profeet wat "magtig was in woord en daad" (Luk. 24:19). Alles wat Lukas oor Christus vertel moet gesien word in die lig daarvan dat

Christus se woorde en dade dié is van die gesalfde eskatologiese profeet (Stronstad, 1999:37; vgl Hand. 3:19-26).

In Lukas 2:11 word na die Verlosser verwys as "Christus die Here". Die titel "Christus" identifiseer Jesus as die Gesalfde. Alhoewel die woord "Gesalfde" net vyf keer voorkom in die Nuwe Testament (Luk. 2:26; 9:20; Hand. 4:26; Openb. 11:15; 12:10) en altyd metafories gebruik word, word die woord "Christus" (wat ook beteken "Gesalfde") baie gebruik. In die Ou Testament (1 Kon. 19:16; Eks. 28:41; 30:30) hou die begrip gesalfde in: Goddelike uitverkiesing en afsondering vir 'n besondere taak (Bruton, 1967:73).

Die salwing van Christus met die Heilige Gees is ten nouste verbind met die koninkryk van God (Floor, 1982:28). In die Ou Testament (1 Sam. 10:1; 16:13; 1 Kon. 1:39; 19:15-16; 2 Kon. 11:12) was salwing uitsluitlik 'n koninklike plegtigheid (De Vaux, 1961:104; vgl. Friedrich, 1964b:499). Die Heilige Gees is immers onafskeidbaar aan die Ryk van God verbonde (vgl. Rom.14:17). Die dag van Christus se doop met die Heilige Gees is ook die dag waarop Christus tot Koning gesalf is. Op hierdie dag het Hy die volle salwing ontvang tot Koning, Priester en Profeet. Met reg kan gesê word dat die dag toe Christus die Heilige Gees ontvang het, die koninkryk van God op 'n baie besondere manier op aarde gekom het. Die dag van sy hemelvaart was die groot dag waarop Hy sy troon bestyg het.

4.5. Die Heilige Gees is die Voorspraak ter verdediging

Deur die hele Evangelie volgens Lukas word Christus beskryf as die een wat deur die Heilige Gees gelei en vervul word, met die doel om sy Goddelike roeping te kan uitvoer. In Lukas 12:12 belowe Christus sy dissipels dat die Heilige Gees hulle Voorspraak (διδάξει: letterlik: die Heilige Gees sal hulle leer wat om te sê) sal wees wanneer hulle voor die wêreldse howe moet getuig (Christus herhaal hierdie belofte in Lukas 21:14-15). Die Heilige Gees

sal hulle inspireer wanneer daar van hulle verwag word om van Christus te getuig.

Anders as in die Johannes evangelie waar die Heilige Gees die Parakleet (παράκλητος) is by die Vader (vgl. Floor, 1982:69), is die Heilige Gees in die Evangelie volgens Lukas die Een wat Christus se volgelinge sal leer wat om te sê (διδάσκαλος) in die wêreldse hof. Die Parakleet volgens Johannes doen voorspraak vir die mens by God, terwyl die Leermeester volgens Lukas die die getuienis oor Christus aan die mens verduidelik en leer – soos 'n onderwyser.

Lukas wys daarop dat daar 'n tyd gaan kom wanneer die Heilige Gees deur die werk van die apostels die wêreld sou inlig oor die werk wat die Vader deur die lewe van Jesus op aarde gedoen het. Die Heilige Gees sal die dissipels van Christus leer wat om te sê op die regte oomblik. Die dissipels kan ten alle tye daarvan verseker wees dat die groot Leermeester altyd aan hulle sy is om hulle verbaal te inspireer (Lenski, 1946:685). Christus se dissipels het dus alles wat nodig is om vreesloos van Hom te getuig. In die boek Handelinge getuig Lukas uitsluitlik oor die getuienis van die Heilige Gees in die wêreld deur die werk van die apostels.

### 4.6. Samevatting

Die konsentrasie van verwysings in die openingshoofstukke van die Evangelie volgens Lukas is 'n aanduiding dat die messiaanse tydperk aangebreek het (Joël 2:28-29). Uit die direkte en indirekte verwysings na die Heilige Gees kom veral vyf begrippe in verband met die werking van die Heilige Gees na vore:

- Om vervul te wees met die Heilige Gees beteken om volledig deur die Gees gebruik en beheer te word;

- Om die Heilige Gees oor jou te laat kom beteken dat God aktief teenwoordig is;
- Om gedoop te word met die Heilige Gees beteken om gereinig te word deur die reinigingsdaad van God in Christus;
- Om gesalf te wees deur die Heilige Gees beteken om afgesonder te wees vir werk in die koninkryk van God; en
- Om die Heilige Gees as Voorspraak ter verdediging te hê beteken dat die mens oor alles beskik wat nodig is om vir Christus te getuig.

## 5. KONKLUSIE

Uit bogenoemde gegewens kom dit duidelik na vore dat Lukas sterk beïnvloed is deur die Ou-Testamentiese gegewens oor die Heilige Gees en dan veral soos dit voorkom in die Septuaginta. In sy geskrifte het hy dus terminologie gebruik wat bekend en verstaanbaar was vir sy eerste lesers. Die eenheid tussen die denke van Lukas oor die persoon en werk van die Heilige Gees met die van die Ou Testament, bewerk 'n eenheid tussen die Ou- en die Nuwe Testament. Dit beklemtoon die feit wat sterk na vore kom in die Lukaanse Geskrifte: Die God van die Ou Testament is dieselfde God wat optree in die Nuwe Testament.

Die hoofaktiwiteit van die Heilige Gees in Lukas staan in verhouding met Jesus Christus. Reeds in die begin van die Evangelie volgens Lukas vertel Lukas intensief van Jesus se ervaring met die Gees: Jesus word ontvang deur die Heilige Gees (1:35), gedoop deur die Heilige Gees (3:22), vervul en gelei deur die Heilige Gees (4:1) en gesalf deur die Heilige Gees (4:18). Hiermee wil Lukas sy lesers laat besef dat Jesus van die begin tot die einde met die Gees vervul, gelei en bemagtig is (Conner, 1949:44; Stronstad, 1999:40). Verder gaan die vertellings van die geboortes van Johannes en Jesus gepaard met die vervulling van die Heilige Gees wat lei tot profetiese uitsprake deur Sagaria, Elisabeth, Maria, Simeon, Anna en Johannes die

doper, soos voorspel deur die profeet Joël (2:28-29). Ook hierin wys Lukas aan sy lesers dat die Heilige Gees 'n bepalende rol speel in al hierdie gebeure.

Die aktiwiteite van die Heilige Gees wat deur Lukas beskryf word openbaar sekere eienskappe van die persoon en werk van die Heilige Gees.

Persoon van die Heilige Gees:

In die Evangelie volgens Lukas leer ons dat die Heilige Gees nie maar net 'n krag van God is nie, maar dat Hy self God is omdat:

- Hy Goddelike dade doen: Hy wek nuwe lewe, iets wat God onderskei van enige iets ander in die skepping. God alleen kan lewe skep.
- Hy beskik oor Goddelike deugde: Daar word Hom verwys as "die krag van die Allerhoogste","die vinger van God", "die gawe wat my Vader beloof het" en die "krag van bo" wat toerus;
- Hy het Goddelike name: Deur na die Gees te verwys as die *Heilige* Gees word Hy aan die Vader verbind omdat heiligheid die mees innerlike wese van God beskryf.
- Hy ontvang Goddelike eer: Wie laster teen die Heilige Gees sal nie vergewe word nie.

Werk van die Heilige Gees:

Die werk wat die Heilige Gees verrig beklemtoon sy Goddelike natuur deurdat :

- Die Heilige Gees nuwe lewe in die mens wek
- Die Heilige Gees in beheer van Christus is. 'n Baie besondere verhouding tussen Christus en die Heilige Gees kom na vore. Die hele lewe van Christus staan onder die leiding van die Heilige Gees: Christus is ontvang deur die Heilige Gees; die Heilige Gees doop Hom

en daal op Hom neer; die Heilige Gees lei Hom uit na die woestyn om versoek te word; Christus preek vol van die krag van die Heilige Gees; in Christus se leiding onderskraag die Heilige Gees Hom; as Christus sterwe gee Hy sy gees oor aan die Vader; in Christus se opstanding kry Hy krag van die Heilige Gees. Tog fokus al die werk van die Heilige Gees net op Jesus Christus. Al die profesieë van die Ou Testament tot in die Nuwe Testament wat deur die Heilige Gees geïnspereer word, het een boodskap: Jesus Christus is die Seun van God.

- Die gevolg van die werk van die Heilige Gees lei tot verlossing van die mens.
- Die Heilige Gees die dissipels van God toerus sodat hulle vreesloos kan getuig oor die werk wat die Vader deur die lewe van Jesus op aarde gedoen het.

# HOOFSTUK 4
# DIE VERHOUDING TUSSEN DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES EN DIE WERK VAN GOD IN DIE EVANGELIE VOLGENS LUKAS

## 1. INLEIDING

In die Lukaanse geskrifte beskryf Lukas die lewe van Christus en die geskiedenis van die vroeë kerk. In al die gebeure wat verhaal word, word God beskryf as die God wat deurlopend aan die werk is. God se aksies word op 'n omvangryke wyse deur Lukas oor die hele geskiedenis uitgebrei. Lukas bring hierdie handelinge van God in ooreenstemming met God se plan. God se plan begin by die skepping en duur voort deur die geskiedenis van Israel, in die lewe van Jesus, sy opstanding, verheerliking en aanstelling as regter en die groei van die vroeë kerk. Die konsentrasie van Goddelike aktiwiteit regdeur die Lukaanse geskrifte is so sterk dat God gesien kan word as die onderwerp van die hele narratief (vgl. Squires, 1993:37). In hoofstuk 2 is reeds aangedui dat Lukas se sentrale teologiese motief handel oor God se verlossingsplan soos dit gestalte kry in die werk en lewe van Jesus Christus en in die geskiedenis van die vroeë kerk.

In hoofstuk 3 is aangedui dat die belangrikheid van die Heilige Gees in die teologiese denke van Lukas deur meeste navorsers aanvaar word. Vanaf Lukas 1 vertel Lukas intensief, regdeur die evangelie, van Jesus se ervaring met die Gees: Jesus word ontvang (1:35), gedoop (3:22), vervul en gelei (4:1), en gesalf deur die Heilige Gees (4:18). Verder belowe Christus dat die Heilige Gees die Voorspraak sal wees vir diegene wat vir Hom moet getuig (12:12) en dat die Heilige Gees oor sy volgelinge sal kom (24:49). Lukas wil sy lesers laat besef dat Jesus van die begin af tot die einde toe met die Gees vervul, gelei en bemagtig is. In die boek Handelinge kan die kerk van Christus sy werk doen deurdat gelowiges met die Gees vervul, gelei en bemagtig is.

In hierdie hoofstuk word veral gekyk na die vraag: Watter verhouding bestaan daar tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God in die Evangelie volgens Lukas ?

## 2. EKSEGETIESE ONDERSOEK

Om die verhouding aan te dui tussen die werk van God en die werk van die Heilige Gees word drie tekste ondersoek vir die volgende redes:

- Lukas 1:35: Deur gebruik te maak van Ou-Testamentiese begrippe in hierdie teks, beskryf Lukas die besondere verhouding wat daar tussen God die Skepper en God die Heilige Gees bestaan.
- Lukas 3:21-22: Die begrip "doop met die Heilige Gees " is die enigste nuwe begrip waarmee Lukas die werk van die Heilige Gees beskryf. Die begrip "doop met die Heilige Gees" kom glad nie in die Septuaginta voor nie (Stronstad, 1999:26).
- Lukas 12:11-12: In hierdie verse begin Lukas reeds aandui watter funksie die Heilige Gees gaan vervul in Christus se volgelinge in die tyd tussen Christus se hemelvaart en wederkoms.

Die eerste twee tekste verduidelik die werking van die Heilige Gees op twee belangrike hoofmomente in die openbaring van die Drie-enige God. Die verhouding tussen God die Vader, God die Seun, en God die Heilige Gees kom duidelik navore in hierdie tekste (Luk. 1:35; 3:21-22). In die derde teks dui Christus duidelik die rol wat die Heilige Gees in die kerk gaan vervul aan.

### 2.1. LUKAS 1:35

| | |
|---|---|
| Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. | καὶ ἀποκριθεὶς ὁ ἄγγελος εἶπεν αὐτῇ, Πνεῦμα ἅγιον ἐπελεύσεται ἐπὶ σὲ καὶ δύναμις ὑψίστου ἐπισκιάσει σοι· διὸ καὶ τὸ γεννώμενον ἅγιον κληθήσεται υἱὸς θεοῦ. |

## 2.1.1. Struktuur en konteks

### Struktuur

Aankondiging van Johannes die Doper en Christus se geboortes (Luk. 1: 5-38).

i) Aankondiging van Johannes die Doper se geboorte (1:5-25)

ii) Aankondiging van Christus se geboorte (1:26-38)

a) Omstandighede

- Inkom + groet van die engel (1:28-29)
- Verbasing + verwondering van Maria (1:29)

b) Die hemelse boodskap deur die engel Gabriël (1:30-38)

Vanaf vers 32 gee Lukas 'n vyfvoudige beskrywing van Jesus: 1) Hy sal groot wees, 2) Hy sal die Seun van die Allerhoogste genoem word, 3) die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, 4) Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob regeer 5) tot in ewigheid.

c) Maria se reaksie op die engel se aankondiging (1:34)

"Hoe is so iets moontlik ?"

d) Die engel se antwoord op Maria se vraag (1:35-37)

Engel se antwoord: και ἀποκριθεὶς ὁ ἄγγελος εἶπεν αὐτῇ,

Engel verduidelik hoe so iets moontlik kan wees:
- Die Heilige Gees sal oor jou kom
- en die Krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu

Gevolg van wonderwerk (doel van God)
Daarom sal die Heilige genoem word: Seun van God

e) Maria se reaksie op die antwoord (1:38)

### Konteks

In die uitgebreide proloog (Luk. 1:5-2:52) dui Lukas duidelik aan hoe God in die geskiedenis van die wêreld werk. Hiérdie twee hoofstukke is vol gebeure (verskynings van engele) en aankondigings (profetiese uitsprake) wat daarop dui dat wat gebeur onder die voorsienigheid van God geskied (Squires, 1993:27). Die begin – die tot uitvoering bring - van elke gebeurtenis (Luk.1:15, 35) word gekenmerk deur die kragtige werk van die Heilige Gees.

Die aankondiging van Christus se geboorte bou voort op die aankondiging van Johannes die Doper se geboorte. God se magtige werk in die ontvangenis van Johannes die Doper word oortref deur 'n groter wonderwerk in die maagdelike ontvangenis van Jesus, die Seun van God (Stein, 1992:81; vgl. Fitzmyer, 1981:337). Die beskrywing van die geboorteaankondigings van Johannes die Doper en Christus word weergegee deur 'n parallelisme na inhoud en na vorm (Stein, 1992:81; vgl. Nolland, 1989:40). Soos met alle geboorte aankondigings in die Skrif en in antieke biografiese geskrifte, is die doel van die aankondiging daarop gerig om iets belangriks oor die identiteit van die kind bekend te maak (Culpepper, 1995:51). Tog is daar een nuwe element wat bykom in die geboorte aankondiging van Jesus wat dié aankondiging uniek maak, naamlik die maagdelike geboorte van Christus. Lukas bevestig dat die kind van Maria genoem sal word "Seun van die Allerhoogste" (Luk. 2:32a), "seun van Dawid" (vgl. Luk. 1:32b) en die "Seun van God" (Luk. 1:35; vgl. ook Jes. 7:10-17).

2.1.2. Kommentaar

Die engel se openbaring dat die Heilige Gees die agent is van die ontvangenis in Maria word weergegee in 'n sinonieme parallelisme (Bruton, 1967:53; Stein, 1992:81). Die twee uitdrukkings ἐπελεύσεται ἐπὶ σε (sal oor jou kom) en ἐπισκιάσει σοι (sal jou oorskadu) is beide begrippe wat in die Septuaginta (Eks. 40:35; Jes. 32:15) voorkom (vgl. Bruton, 54; Nolland, 1989:54). Nie een van hiérdie begrippe hou die betekenis in van onmiddelike konsepsie nie, nog minder hou dit die betekenis in van seksuele konsepsie (Fitzmyer, 1981:337). Deur bekende begrippe te gebruik vanuit die Septuaginta behou Lukas 'n kontinuïteit tussen die werking van die Heilige Gees in die Ou Testament en in die Nuwe Testament (vgl. Stronstad, 1999:26).

Die onbepaalde πνεῦμα ἅγιον (Heilige Gees) is volgens Nolland (1989:54) 'n Semitiese gebruik en word gebruik as 'n eienaam vir die Heilige Gees (vgl. ook Horton, 1976:20). In Lukas 1:35 is die Heilige Gees die lewewekkende agent in Maria (vgl. Matt. 1:18, 20). Die term ἅγιον onderskei die Heilige Gees van enige ander gees en gee aan die Heilige Gees 'n eienskap wat net aan God behoort. Ferguson (1996:21) wys daarop dat die Ou-Testamentiese skrywers al die gedagte gevestig het dat die Heilige Gees die "verlenging" van God se teenwoordigheid in die skepping van lewe is (Gen. 1:2; Ps. 104:30; Job 33:4). Die asem van 'n mens is die geheim van die lewe in hom. Die Gees van God is die lewe van God wat uitgaan en lewe, krag, wysheid, spraak, kennis en verstand gee aan die mens. Dit is die lewendige, magtige teenwoordigheid van God self (Newbigin, 1978:63). Die skeppende aktiwiteit van die Heilige Gees is noodsaaklik vir alle lewe want dit orden en voltooi dit wat God in sy gedagtes beplan het.

Ἐπελεύσεται ἐπὶ σὲ is 'n bekende uitdrukking in die Septuaginta (vgl. Num. 5:14; 8:7; Jes. 28:18), maar word net in Jesaja 32:15 in verband met die werk van die Heilige Gees gebring. In Jesaja 32:15 word in die besonder verwys na die eskatologiese koms van die Heilige Gees wat die wildernis in 'n vrugbare land sal verander (Nolland, 1989:54; Bruton,1967:54). Hierdie gedagte sluit nou aan by die skeppingsverhaal. In Genesis 1:2,3 sweef die Gees van God oor die onbewoonbare aarde en deur sy Gees skep God die wêreld – 'n wêreld wat bewoonbaar is en waarmee God tevrede is (Gen. 1:31). Dieselfde gedagte vind ons ook by die herskepping. Die Heilige Gees kom oor Maria en deur Sy skeppingskrag word die Seun van God in haar ontvang. In hierdie Seun het God 'n welbehae (vgl. Luk. 3:22). Die koms van die Heilige Gees in Maria merk die aanbreek van die nuwe messiaanse tydperk (Ferguson, 1996:38).

Alhoewel Lukas πνεῦμα (Gees) en δύναμις (krag) baie nou aan mekaar verbind, gebruik hy dit soms as sinonieme vir mekaar (vgl. Floor, 1982:206;

Marguerat. 2002:51). In sy geskrifte (Luk. 1:17; 4:14; Hand 1:8; 8:10; 10:38), identifiseer hy hulle nêrens so na aan mekaar soos in Lukas 1:35 nie (Nolland, 1989:54). Die begrip ὑψίστου (Allerhoogste) is 'n begrip wat op verskeie plekke deur Lukas gebruik word en sonder twyfel na God verwys (vgl. Luk. 1:32; 1:76; 6:35; 8:28; 9:34; Hand 7:48 ; 16:17). Die onpersoonlike term δύναμις verbind die πνεῦμα ἅγιον persoonlik met God (Bruton, 1967:54) deur die term ὑψίστου. In die parallelisme "Heilige Gees" teenoor "Krag van die Allerhoogste" word die Heilige Gees beskryf in terme van die Ou-Testamentiese begrip waar die skeppende en kreatiewe krag van God teenwoordig is onder sy volk (vgl. Fitzmyer, 1981:350). Πνεῦμα wys op die gedagte van wind wat beweeg. Daarom is dit 'n goeie uitdrukking waarmee die beweging van die Skepper na sy skepping aangedui kan word (vgl. Eseg. 39:29; Ps. 104:29-30; 139:7). Die kragtige teenwoordigheid van God word geopenbaar in die werk van die Heilige Gees wat ten doel het om alle dinge te konformeer tot God se wil (Ferguson, 1996:21). Die Heilige Gees is die krag waardeur God sy verlossingsplan met sy volk tot uitvoer bring. In Sagaria 4:6 sê God self hoe Hy werk in die geskiedenis: "Nie met mag en krag sal jy (Serubbabel) slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige". Alhoewel die Heilige Gees die krag is waarmee God sy werk doen, is die Heilige Gees nie maar net 'n krag van God nie. Die Heilige Gees is die lewende God self. Choi (1996:77) wys daarop dat die Heilige Gees nie maar net vir ons 'n middel tot kennis van God nie is nie, maar dat Hy naas God en die Seun ook die Subjek is van ons kennis omtrent die Drie-enige God.

Ἐπισκιάσει σοι is nog 'n bekende begrip uit die Septuaginta en is heel moontlik 'n verwysing na Eksodus 40:35. Die ontvangenis van Christus in Maria word vergelyk met die oorskadu van God se heerlikheid en teenwoordigheid op die tabernakel (Eks. 40:35) en die tempel (Jes. 6:1-4) (Ferguson, 1996:38; Nolland, 1989:54; Stein, 1992:85). Na die vernietiging van die tempel (2 Kon. 25:9) was die heerlikheid van God nie meer

teenwoordig in die tempel nie, maar deur die profeet Haggai (Hag. 2:7-9) en Maleagi (3:1-5) belowe God dat sy heerlikheid weer sal terugkeer na sy tempel. Volgens die Nuwe Testament is Christus die beloofde heerlikheid wat God weer teenwoordig maak onder sy volk (Ferguson, 1996:39). Dieselfde Goddelike teenwoordigheid (שְׁכִינָה - *shekinah*) wat in die wolk en in die tempel was, kom en wek die nuwe lewe in Maria. Van die begin van Christus se lewe bly die heerlikheid van God teenwoordig in Christus deur die oorskadu van die Heilige Gees (vgl. Bruton, 1967:55). Die Heilige Gees vorm dus die band van gemeenskap tussen die Vader en die Seun. In die Evangelie volgens Lukas word hiérdie begrip van "oorskadu" ook gebruik by die verheerliking op die berg om God se teenwoordigheid aan te dui (Luk. 9:34).

Die διό (daarom) dui op 'n kousale (veroorsakende) sin wat volg en Stein (1992:85) wys daarop dat die sin wat volg op twee maniere verduidelik kan word: i) Jesus is die Seun van God as gevolg van die Gees se aktiwiteit wat die maagdelike geboorte bewerk het en ii) Jesus is heilig as gevolg van die Gees se aktiwiteit.

Die dubbele predikaat τὸ γεννώμενον (wat gebore sal word) en ἅγιον verbind met κληθήσεται (sal genoem word). Hierdie verbinding laat υἱὸς θεου (Seun van God) los staan, in apposisie tot ἅγιον. Die "Heilig" is 'n eienskap wat net aan God behoort (Luk. 2:23; vgl. Eks. 13:2,12; Num. 3:11-13) en hiérdie uitdrukking sluit aan by die ἅγιον van die eerste frase van die engel se antwoord in vers 35 en die van ὑψίστου in die tweede frase (Nolland, 1989:55). So vergroot Lukas die wonder wat in Maria gaan plaasvind. Die Baba wat gebore gaan word gaan "Heilig" wees en nie deel in die sondige natuur van die mens nie (2 Kor. 5:21; 1 Pet. 2:22; 1 Joh. 3:5). Die menslike liggaam van Christus was voorberei deur die Heilige Gees (Heb. 10:5) wat Maria oorskadu het.

### 2.1.3. Samevatting

Met al die Ou-Testamentiese begrippe (Jes. 32:15; Eks. 40:35) wat Lukas gebruik om die werking van die Heilige Gees aan te dui, wil hy hê dat sy lesers moet besef dat die God wat hemel en aarde geskep het deur sy Gees, ook aktief teenwoordig is in die geskiedenis van die wêreld deur sy Gees. Dieselfde God is aktief besig in die persoon en werk van Jesus Christus. In die Ou- en Nuwe Testament werk God in sy skepping deur die Heilige Gees. God se gedagtes en sy plan met sy skepping word tot uitvoer gebring deur sy Gees (vgl. Jes. 40:12-14). Die Heilige Gees is die kreatiewe Gees van God wat skep en wat die ganse skepping na sy God-bepaalde doel toe rig en lei.

Die belofte van "oor jou kom" en "sal jou oorskadu" deur die Heilige Gees dui die absolute en ewige uniekheid van Christus se wese aan. Die besondere verhouding tussen Christus en die Heilige Gees in hiérdie vers bevestig dat Christus waarlik mens is - uit 'n maagd gebore - en waarlik God is - ontvang deur die Heilige Gees. Tussen God en Christus is daar geen sonde nie, daarom kan Christus volkome gehoorsaam wees aan God se wil. Die Heilige Gees verseker dat Christus oor alles beskik wat nodig is vir God se plan met Hom. Wanneer die Heilige Gees oor 'n persoon kom dan word so 'n persoon se lewe gerig en gevorm, sodat dit kan voldoen aan die doel waarvoor God dit bestem het.

## 2.2. LUKAS 3:21-22

| | |
|---|---|
| Toe al die mense hulle laat doop het, is Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal; en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae. | Ἐγένετο δὲ ἐν τῷ βαπτισθῆναι ἅπαντα τὸν λαὸν καὶ Ἰησοῦ βαπτισθέντος καὶ προσευχομένου ἀνεῳχθῆναι τὸν οὐρανὸν καὶ καταβῆναι τὸ πνεῦμα τὸ ἅγιον σωματικῷ εἴδει ὡς περιστερὰν ἐπ' αὐτόν, καὶ φωνὴν ἐξ οὐρανοῦ γενέσθαι, Σὺ εἶ ὁ υἱός μου ὁ ἀγαπητός, ἐν σοὶ εὐδόκησα. |

2.2.1. Struktuur en konteks

Struktuur

Die voorbereiding vir Jesus se bediening (Luk. 3:1-4:15)

A) Johannes die Doper, die wegbereider, se bediening(3:1-20)

- i) Die persoon van Johannes die Doper (3:11-6)
- ii) Die bediening van Johannes die Doper (3:7-20)

B) Jesus se voorbereiding (3:21-4:15)

- i) Die persoon van Christus: Die Seun van God (3:21-38)
  - a) Vooraf gebeure (21a)
    - Terwyl al die mense gedoop is,
    - en Jesus ook gedoop is
    - en Hy gebid het ...
  - b) Christus se doop met die Heilige Gees (3:21b-22)
    - Het die hemel oopgegaan
    - Die Heilige Gees het neergedaal op Christus in 'n liggaamlike vorm soos 'n duif
    - 'n Stem uit die hemel het gesê: Jy is die geliefde Seun van My, in jou verheug ek My
  - c) Geslagsregister van Christus (3:23-38)
- ii) Die bediening van Jesus begin (4:1-15)

Konteks

In die eerste gedeelte van dié hoofstuk (Luk. 3:1-20) verhaal Lukas die bediening van Johannes die Doper, wat 'n voorbereiding was vir die bediening van Jesus. Die lewe en prediking van Johannes die Doper vorm 'n skakel tussen die profetiese Gees van die Ou Testament en die Gees-gemotiveerde bediening van Christus in die Nuwe Testament (Bruton, 1967:62). Die doop van Christus deur die Heilige Gees word beskryf nadat Lukas vermeld het dat Johannes die Doper in die tronk opgesluit is (Luk. 3:20). Die werk van die voorbereider vir die Messias was afgehandel en die oomblik was reg vir die Messias om amptelik met sy bediening te begin.

Christus se voorbereiding op sy bediening begin met 'n gebed. God se voorbereiding vir sy Seun begin met die doop van die Heilige Gees. Hierdie is 'n daad waarmee die Vader Homself ook identifiseer met die Seun (vgl. Nolland, 1989:158 en Lukas se beskrywing van Jesus in Lukas 1:31-35 en 2:11). Die stem uit die hemel bevestig dat Christus die Seun van God is en sy rol as die Messias, wat deur die Ou-Testamentiese profete voorspel is, word bevestig deur die sigbare neerdaal van die Heilige Gees op Christus (Culpepper, 1995:60; Stein, 1992:138).

2.2.2. Kommentaar

Christus se doop met die Heilige Gees word beskryf deur een lang en komplekse sin (vgl. Stein, 1992:138). Anders as in die Evangelie volgens Markus (1:9) en Matteus (3:13-15) fokus Lukas nie op die doop van al die mense nie en selfs nie eers op Jesus se doop nie. Hy fokus eerder op die oopgaan van die hemel en die doop van Christus met die Heilige Gees terwyl Jesus bid. Die een lang sin (vers 21 en 22) fokus die aandag op die ketting van gebeure wat uitgedruk word deur drie parallel infinitiewe werkwoorde: ἀνεῳχθῆναι (om oop te maak); καταβῆναι (om neer te daal) γενέσθαι (om te kom) (Nolland, 1989:159; Fitzmyer, 1981:483).

Ἐν τῷ βαπτισθῆναι ἅπαντα τὸν λαὸν καὶ προσευχομένου (nadat al die mense - en Jesus - gedoop is en Hy gebid het) – Die feit dat Johannes die Doper baie mense gedoop het, wys op die suksesvolle voltooiing van Johannes se voorbereidingswerk vir Jesus se bediening (Culpepper, 1995:90; Stein, 1992:139). Die doop van Johannes die Doper - βαπτίζειν: "om gedoop te word" - herinner aan die Ou-Testamentiese seremonie, waar die afwassing met water telkens die afbeelding was van geestelike reiniging (Ps. 51:4; Jes. 1:16; Eseg. 36:25-27; Sag. 13:1) (Friberg, 2000; Van Genderen, 1958a:465). Christus het nie hierdie doop nodig gehad om Homself te reinig nie. Christus laat Hom doop deur Johannes die Doper om

Homself te vereenselwig met Johannes se boodskap (Bruton, 1967:63) en om Homself voor te berei vir sy eie bediening (Fitzmyer, 1981:483). Johannes die Doper was egter nie by magte om met die Heilige Gees te doop nie (vgl Luk. 3:16). By hierdie punt is 'n nuwe begin nodig.

Die wêreldgeskiedenis staan by 'n beslissende oomblik, en soos op baie ander plekke in die Evangelie volgens Lukas word beslissende oomblikke in die lewe van Christus voorafgegaan met 'n gebed (vgl. Luk. 6:12; 9:18; 28-29; 11:1: 22:41) (Fitzmyer, 1981:481; Groenewald, 1989:62; vgl. Won, 1999:52). Op ander plekke in die Lukaanse geskrifte stel Lukas dit ook duidelik dat die Heilige Gees kom as 'n antwoord op gebed (Luk. 11:13; Hand. 1:14; 2:1-4; 4:23-31; 8:15-17). Die ketting van gebeure wat volg is 'n direkte gevolg van Christus se gebed. Won (1999:52) wys daarop dat Christus nie 'n passiewe toeskouer is in die gebeure wat volg nie, maar dat Hy aktief betrokke is deur sy gebed. Op 'n besondere manier wys Lukas op die kragtige werking van die Drie-enige God.

Ἀνεῳχθῆναι τὸν οὐρανὸν (die hemel het oopgegaan) en καὶ φωνὴν ἐξ οὐρανοῦ γενέσθαι (en 'n stem het uit die hemel gekom) - Beide hierdie uitdrukkings is apokaliptiese uitdrukkings wat gereeld gebruik is by openbarings, en wat dui op 'n nuwe openbaring (Eseg. 1:1; Joh. 1:51; Openb. 7:56; 10:11; 14:13). Die oopgaan van die hemel is nie 'n aparte gebeurtenis nie, maar 'n vooraf gebeurtenis wat moes plaasvind voor die neerdaal van die Heilige Gees en die stem uit die hemel. Laasgenoemde gebeure is tekens dat Israel se eskatologiese verwagtings op die punt van vervulling staan. God se krag en genade is op die punt om vrygelaat te word (Culpepper, 1995:91).

In die Evangelie volgens Markus fokus die skrywer Markus in sy beskrywing van Jesus se doop meer op wie Jesus is. Die hemelse verklaring en die neerdaal van die Heilige Gees stel Jesus voor as die Seun van God. Lukas

het dit reeds uitgewys in sy geboortenarratief, in teenstelling met Markus wat geen geboortenarratief het nie (Fitzmyer, 1981:480). Anders as Markus wat in sy weergawe van Jesus se doop fokus op Jesus se ervaring (Mark. 1: 9-11), fokus Lukas op die neerdaal van die Heilige Gees en die goddelike stem (Nolland, 1989:160; vgl Culpepper, 1995:90).

Καὶ καταβῆναι τὸ πνεῦμα τὸ ἅγιον (en die Heilige Gees het neergedaal) kom in die Septuaginta net in Jesaja 63:14 voor (Nolland, 1989:161). In Jesaja 63:7-14 word die Heilige Gees beskryf as aktief teenwoordig tydens die volk se omwandelinge in die woestyn in die tyd van Moses (Jes. 63:11). Alhoewel die volk die Heilige Gees bedroef het (Jes. 63:10), het die Heilige Gees die volk na 'n "woonplek" gelei. Hierin sien ons dat die Heilige Gees die uitvoerende krag van God se verlossingsaktiwiteit is (Ferguson, 1996:24). Deur hierdie gedagte te gebruik wil Lukas sy lesers daarvan bewus maak dat die Heilige Gees Christus gaan lei in sy aardse bediening en gaan toerus vir sy taak as verlosser. Na die neerdaal van die Heilige Gees was Jesus die "Gesalfde-Messias".

Christus se salwing met die Heilige Gees is een van die belangrikste momente in die geskiedenis van die kerk. Die oomblik toe Christus met die Heilige Gees by sy doop gesalf is, het die koninkryk van God op 'n baie besondere wyse op aarde gekom. Dit is die aardse begin van dié Koninkryk waarvan daar geen einde sal wees nie (Luk. 1:33). Die doop met die Heilige Gees van Christus was sy salwing tot Koning. Dit was Christus se intrede in die nuwe heilstyd wat God op aarde laat aanbreek het (Coetzee, 1986:104; vgl. Ferguson, 1996:47). In die Lukaanse geskrifte word die Heilige Gees bekendgestel as die krag agter die proklamasie van die koninkryk van God. Die Heilige Gees is self nie die manifestasie van die koninkryk van God nie, maar Hy bemagtig Christus sodat dié koninkryk kan kom. Later bemagtig Hy ook die volgelinge van Christus om die koninkryk van God te proklameer,

sodat ander mense ook die geleentheid kan kry om daarin te gaan (Cho, 2003:197).

Die Kneg in Jesaja ontvang die Heilige Gees (Jes. 42:1); profete ontvang die Heilige Gees (Luk. 1:15; 2 Kron. 15:1; 20:14; Neh. 9:30); Rigters ontvang die Heilige Gees (Rigt. 3:10; 6:34); die Messias uit die geslag van Dawid ontvang die Heilige Gees (Jes. 11:12). Die ontvang van die Heilige Gees gaan gepaard met 'n Goddelike opdrag wat uitgevoer moet word. Die aard van Christus se Goddelike opdrag vra na 'n besondere uitstorting van die Heilige Gees. Deur sy dood, opstanding en hemelvaart moet Hy die Een word wat so in oorvloed is van die Heilige Gees, dat Hy self sy volgelinge kan doop met die Heilige Gees (Ferguson, 1996:45).

Lukas verstaan duidelik die neerdaal van die Heilige Gees op Christus in die lig van Jesaja 61:1 (vgl. Nolland, 1989:161). Lukas ontwikkel hierdie begrip verder in Lukas 4:18-19, waar Christus self bevestig Πνεῦμα κυρίου ἐπ' ἐμὲ: "Die Gees van die Here is op My" (Luk. 4:18-19) sodat Hy die gesalfde profeet en die gesalfde Messias kan wees (Stein, 1992:156). As gesalfde is Hy nie net die boodskapper van verlossing nie, maar ook die bewerker van verlossing. Die feit dat Christus aan die begin van sy prediking bevestig dat Hy die gesalfde van God is, verklaar die gesag waarmee Hy optree (vgl. Culpepper, 1995:105).

Die neerdaal van die Heilige Gees moet nie verwar word met die "doop met die Heilige Gees" waarvan Johannes die Doper (Luk. 3:16) praat nie. Die doop met die Heilige Gees is iets wat Christus vir sy volgelinge doen, waar die neerdaal van die Heilige Gees in Lukas 3:21-22 verwys na iets wat met Christus gebeur het (Stein, 1992:140).

In die uitdrukking σωματικῷ εἴδει ὡς περιστερὰν (liggaamlik sigbaar soos 'n duif) wil Lukas die werklikheid van die gebeure beklemtoon. Die Gees was

nie 'n duif nie, maar het gelyk soos 'n duif, iets waaraan gevat kan word. Lukas gebruik die gedagte van "liggaamlik" ook later om die opgestane Here te beskryf wat loop, eet en gesels (Culpepper, 1995:91). Die beeld van die duif is moeilik om te verklaar omdat daar nêrens Ou-Testamentiese verwysings is wat die Heilige Gees aan 'n duif verbind nie (vgl. Culpepper, 1995:91; Nolland, 1989:161). Hierdie beeld kan terugwys na Genesis 1:2 waar die Heilige Gees oor die waters gesweef het en die simbool was van die "nuwe skepping", of dit kan terugwys na die duif wat deur Noag vrygelaat is (Gen. 8:8) wat die simbool van 'n "nuwe begin" is (Fitzmyer, 1981:484).

Die verbintenis tussen die neerdaal van die Heilige Gees op Christus en die neerdaal van die Heilige Gees op die Messias in Jesaja 61:1, versterk die argument dat die φωνὴν ἐξ οὐρανοῦ γενέσθαι (stem uit die hemel) met Jesaja 42:1 verbind kan word (Nolland, 1989:161). Hierdie is sonder twyfel die stem van God wat nie net die aankondiging van die engel in Lukas 1:32-35 bevestig nie, maar die stem bevestig ook Christus se Goddelike opdrag. Die idee van die God van die hemel wat met sy volk praat is 'n gevestigde gedagte in die Ou Testament (vgl. Deut. 4:10-12). Soms is die stem van God geassosieer met donderweer (Jes. 30:30-31; Ps. 18:14), wat die hemelse oorsprong daarvan bevestig. Lukas het hierdie gedagte voorgesit in die Lukaanse geskrifte (Luk. 9:35; Hand. 10:13,15; 11:7,9).

Σὺ εἶ ὁ υἱός μου ὁ ἀγαπητός (Jy is die Seun van My, die geliefde) wys op die intieme verhouding tussen die Seun en God. Met hierdie woorde aanvaar God nie eers op hierdie punt vir Christus as die Messias nie maar bevestig Hy net wat Hy reeds in Lukas 1:32-35 en 2:49 gesê het (Stein, 1992:140). Vir Lukas is Christus se "seunskap" van die Vader 'n fundamentele begrip, wat begin by Christus se Goddelike ontvangenis (Luk. 1:35) en wat Hom laat deel in Goddelike krag (Luk. 5:13, 24; 6:10; 7:14-15). Die gebeure wat Lukas verder in sy geskrifte beskryf, beskryf Christus se reaksie op sy Goddelike identiteit. As Seun van God mag Christus spreek vir

God (Luk. 9:35) en mag Hy God bekendmaak (Luk. 10:11). 'n Onvergelykbare verhouding bestaan tussen God en die Seun, Jesus Christus (Nolland, 1989:164).

Die Heilige Gees speel 'n belangrike rol in hierdie verhouding. Nie net bind Hy Christus aan die Vader nie, maar Hy sonder Christus af en Hy bemagtig Christus vir sy taak as die Messias – die "Seun van God". In die Ou Testament is die titel "Seun van God" toegeken aan engele (Job 1:6), aan Israel (Eks. 4:22; Hos. 11:1), aan die koning (2 Sam. 7:14) en volgens latere Judaïsme en die Nuwe Testament (Ps. 2:7[1]; 110:1; Luk. 20:41-44; Hand. 13:33) aan die Messias. Jesus is in die mees volstrekte sin van die woord "Seun van God". Hy is die nuwe Adam, die fondament van die nuwe mensheid, die messiaanse Koning (Mulder, 1985:62).

Ἐν σοὶ εὐδόκησα : "in Jou het Ek 'n welbehae" – Hierdie begrip het 'n element van besluit of keuse in wat kan oorheers (Nolland, 1989:164). Christus se doop met die Heilige Gees bevestig dat Hy volgens God se besluit, God se keuse, afgesonder en toegerus word vir 'n besondere taak (vgl. Jes.42:1).

2.2.3. Samevatting

In Lukas 3:21-22 word een van die hoofmomente in die openbaringsgeskiedenis van die Bybel beskryf. Op 'n baie besondere manier beskryf Lukas die werking van die Drie-enige God. Alles is in plek vir die lank beloofde Messias om met sy bediening te begin. Voor Christus kan begin met sy bediening, is dit egter noodsaaklik dat Hy afgesonder en toegerus word vir sy taak deur die Heilige Gees en dat sy identiteit as Seun

[1] Daar is nie ooreenstemming onder navorsers of die woorde σὺ εἶ ὁ υἱός μου ὁ ἀγαπητός met Psalm 2:7 verbind kan word nie (Nolland, 1989:162; Stein, 1992:140; vgl. Fitzmyer, 1981:485; Mulder, 1985:62).

van God bevestig word. Tot en met hierdie punt in sy evangelie fokus Lukas meer op *wie* Christus is as gevolg van die werk van die Heilige Gees. Vanaf hierdie punt fokus Lukas op *wat* die Gesalfde Messias sê en doen onder die leiding van die Heilige Gees.

Die begrip van 'n nuwe begin kom baie sterk navore in Lukas 3:21-22. Die gebeure in dié verse speel af binne die konteks van de doop van mense sowel as Christus. Die doop is 'n Ou-Testamentiese ritueel van geestelike reiniging, van 'n nuwe begin. Net so is die neerdaal van die Heilige Gees op Christus die begin van Christus se aardse bediening – die deurbreek van die koninkryk van God (vgl Mark. 1:15). Christus se doop met die Heilige Gees lei 'n nuwe bedeling binne. Verder verwys die beeld van die duif terug na die werking van die Heilige Gees by die begin van die skepping (Gen. 1:2) en die nuwe begin van Noag na die sondvloed (Gen. 8:8). Die Heilige Gees is die Gees van nuwe begin.

Deur die doop met die Heilige Gees word Christus afgesonder, toegerus en bemagtig vir sy Goddelike taak. As gevolg van die doop met die Heilige Gees kon Christus voluit wees wie Hy is, Seun van God, die Messias, soos deur die profete voorspel.

## 2.3. LUKAS 12:12

| | |
|---|---|
| Wanneer hulle julle voor sinagoges en owerhede en gesagvoerders bring, moet julle julle nie bekommer oor hoe of waarmee julle julle gaan verdedig of wat julle gaan sê nie, want die Heilige Gees sal julle op daardie oomblik leer wat gesê moet word. | ὅταν δὲ εἰσφέρωσιν ὑμᾶς ἐπὶ τὰς συναγωγὰς καὶ τὰς ἀρχὰς καὶ τὰς ἐξουσίας, μὴ μεριμνήσητε πῶς ἢ τί ἀπολογήσησθε ἢ τί εἴπητε· τὸ γὰρ ἅγιον πνεῦμα διδάξει ὑμᾶς ἐν αὐτῇ τῇ ὥρᾳ ἃ δεῖ εἰπεῖν. |

2.3.1. Struktuur en konteks

Struktuur

Jesus is oppad na Jerusalem – Hy leer en onderrig sy dissipels (9:51-13:21)

Waarskuwings en aansporing van Jesus ten opsigte van die oordeelsdag (12:1-12)

i) Waarskuwing teen huigelary (12:1-3)
ii) Wie gevrees moet word (12:4-7)
iii) Aansporing om Christus te bely (12:8-12)

a) Uitspraak: Sonde teen die Heilige Gees (12:8-10)

b) Aanmoediging om Christus te bely (12:11-12)

- Plekke waar Christus bely moet word
  Wanneer hulle julle bring voor:
  - die sinagoges,
  - die regeerders,
  - die gesagvoerdes.

- Bemoediging: Wees nie bang om Christus te bely nie
  Wees nie bekommerd oor
  - hoe en waarmee julle sal antwoord nie,
  - of wat julle sal sê nie.

- Rede hoekom hulle nie bekommerd hoef te wees nie
  Want die Heilige Gees sal julle in dieselfde uur leer wat om te sê.

Konteks

In Lukas 12:1-13:9 waarsku Christus sy volgelinge dat hulle gereed moet wees vir die komende oordeel. Die tema van oordeel word reeds in die openingsverse (Luk. 12:2) bekendgemaak: "Daar is niks bedek wat nie onthul sal word nie, en niks geheim wat nie bekend sal word nie". Christus leer sy volgelinge dat dit belangrik is om in die openbaar te getuig van hulle getrouheid aan die Seun van God. As hulle getuienis van Hom daartoe sou

lei dat hulle vervolg word deur die wêreldse howe, dan moet hulle eerder die oordeel van God vrees as die vervolging van mense (vgl. Culpepper, 1995:250; Nolland, 1993:675). Vers 11-12 dien as bemoediging op bogenoemde vermaning.

2.3.2. Kommentaar

Μὴ μεριμνήσητε (moet nie bekommerd wees) is 'n woord van bemoediging wat aan die getroue verkondigers van die evangelie gerig word en mense wat vervolging en martelaarskap in die oë staar as gevolg van hulle geloof. In die tyd toe Lukas hierdie evangelie geskryf het, is Christene deur die Jode (ἐπὶ τὰς συναγωγὰς ) en die wêreldse heersers van daardie tyd vervolg (ἐπὶ τὰς ἀρχὰς καὶ τὰς ἐξουσίας) (vgl. Stein, 1992:349).

Πῶς ἢ τί ἀπολογήσησθε ἢ τί εἴπητε (hoe julle sal antwoord en wat julle sal sê) – die begrip wat met die woord ἀπελογέομαι na vore kom is om iets te sê ter verdediging van jouself (2 Tim. 4:16) of ter verdediging teen dwaalleer (Friberg, 2000:69). Die Heilige Gees sal die volgelinge van Jesus onderrig in die hoe (πῶς) en die waarmee (τι) hulle hulself moet verdedig voor die wêreld. In die Grieks-Romeinse konteks waarin Lukas gelewe het, was die "advokaat" wat deur 'n beskuldigde gebruik is, nie 'n hoogs opgeleide professionele regsverteenwoordiger nie, maar dit was eerder iemand wat die beskuldigde verdedig het deur die waarheid te praat. Hy was of 'n ooggetuie of 'n karaktergetuie; iemand wie se verhouding met die beskuldigde dit moontlik gemaak het om met gesag vir hom te getuig. Hy was eerder 'n intieme vriend as 'n professionele regsgeleerde. Teen hierdie agtergrond is dit duidelik waarom die Heilige Gees die ideale getuienis vir Christus is, want Hy is die intieme metgesel wat regdeur Christus se bediening by Hom was (Ferguson, 1996:36). Net so word die werk van Christus se volgelinge ook gedoen in die teenwoordigheid van die Heilige Gees en is sy getuienis oor hulle lewens belangrik, kragtig en betroubaar.

Τὸ γὰρ ἅγιον πνεῦμα διδάξει ὑμᾶς (want die Heilige Gees sal julle leer) – die rede waarom Jesus se volgelinge getrou kan bly is omdat die Heilige Gees hulle sal leer wat om te sê. Die woord διδάσκω beteken om iemand iets te leer of om instruksie te gee (Friberg, 2000:113). Die mees algemene plek vir die Jode om iemand iets te leer, was in die sinagoges of in die tempels (Kittel, 1964b:138). Anders as die vyande van Jesus wat teen die Heilige Gees laster (Luk. 12:10), word die volgelinge van Jesus gehelp deur die Heilige Gees, die groot Leermeester. Sonder enige voorafbeplanning (ἐν αὐτῇ τῇ ὥρα) sal die apostels direk van die Heilige Gees alles ontvang wat noodsaaklik (δει) is om ter verdediging te sê (Lenski, 1946).

Hierdie profetiese woorde van Jesus word bewaarheid deurdat die apostels later na die uitstorting van die Heilige Gees vervolg word (Hand. 7:60; 12:2). Hierdie vervolging het heelwat bygedra tot die uitbreiding van die kerk, wat wys op die vervulling van die plan van God soos dit reeds deur Christus voorspel is (Squires, 1993:148).

### 2.3.3. Samevatting

Lukas waarsku gelowiges, wat vervolging en marteling in die oë staar, om altyd gereed te wees om in die openbaar van Christus te getuig. Verder moet hulle ook op die krag van die Heilige Gees vertrou, wat hulle sal leer wat om te sê op 'n gegewe oomblik. Die versoeking sal altyd daar wees om Christus te verloën, maar die Heilige Gees sal die volgelinge van Jesus in tye van krisis oortuig om getroue getuies te wees aan die Seun van God. Die mens kan uit sy eie nie getuig vir Christus nie, maar as gevolg van die onderrig van die Heilige Gees kan die mens Christus bekend maak. Deur die werking van die Heilige Gees kan die mens Christus ken. So word God ook aan die mens bekend gemaak. Die Heilige Gees is dus die Gees van

openbaring, omdat Hy die werk van die Drie-enige God aan die mens bekend maak.

## 3. KONKLUSIE

Deur Ou-Testamentiese begrippe in die Nuwe Testament te gebruik, dui Lukas duidelik aan dat die God van die Ou Testament en die God van die Nuwe Testament een en dieselfde God is wat handel deur sy Gees. Engelbrecht (1980:22) som die werk van die Heilige Gees in die Ou Testament soos volg op: "God se Gees is God se asem: lewegewend en reinigend, rigtend en rigtinggewend".

Uit die drie tekste wat ondersoek is, kom hoofsaaklik drie sake in verband met die Heilige Gees na vore:

i. Die Heilige Gees is die kreatiewe Gees van God wat skep en wat die ganse skepping na sy God bepaalde doel toe rig en lei.
ii. Die Heilige Gees is die Gees van nuwe begin.
iii. Die Heilige Gees is die "Bekendmaker" van die Drie-enige God aan die mens.

Die werk wat God doen, om te skep en om sy skepping te bestuur na sy Goddelike doel toe, doen Hy deur sy Gees. God se werk word gedoen deur God se krag – deur God die Heilige Gees. God se betrokkenheid met en werk in sy skepping word nie gedoen deur die krag of mag van 'n mens of enige ander wese nie, "maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige." (Sag. 4:6). Daar is geen aktiwiteit van God die Vader waarby die Gees nie aktief betrokke is nie. Die verhouding tussen God die Vader, wat deur die hele skepping sy plan tot aksie bring, en die Heilige Gees is dat die Gees die verbinding lê tussen God en sy skepping.

# HOOFSTUK 5
# DIE IMPLIKASIE VAN DIE VERSTAAN VAN DIE VERHOUDING TUSSEN GOD EN DIE HEILIGE GEES VIR DIE GELOWIGE VANDAG

## 1. INLEIDING

Lukas was 'n skrywer by uitnemendheid wat verskillende skryftegnieke gebruik het, asook verskeie teologiese temas saamgevleg het om die persoon en werk van Christus en die ontstaan van die kerk te beskryf. In Lukas se getuienis "van die dinge wat onder ons gebeur het" getuig hy van God se plan van verlossing soos dit gestalte kry in die persoon en werk van Jesus Christus, die Seun van God. God bly die een wat handel in die Evangelie volgens Lukas (vgl. hfst. 2).

Meer as enige skrywer van die Nuwe Testament, beklemtoon Lukas die werking van die Heilige Gees. Deur die persoon en werk van die Heilige Gees te beskryf met Ou-Testamentiese begrippe vanuit die Septuaginta, bevestig Lukas dat die God wat aktief optree in die Ou Testament, ook die God is wat handel in die Nuwe Testament (vgl. hfst. 3). Die aktiewe handeling van God in sy skepping, dit wat Hy doen om sy skepping na sy Goddelike doel toe te bestuur, doen God deur sy Gees. Die Heilige Gees is die krag waarmee God sy werk doen (vgl. hfst. 4).

Van die belangrikste aktiwiteite wat God deur sy Gees verrig, is (vgl. hfst. 4):

- Hy skep nuwe lewe en Hy rus elke skepsel toe met die nodige gawes om te voldoen aan God se plan;
- Hy begin nuut deur sy Gees ; en
- Hy onderrig die gelowige deur sy Gees.

Om vas te stel wat bogenoemde aktiwiteite van die Heilige Gees vir die kerk vandag beteken, is dit nodig om te gaan kyk hoe hierdie aktiwiteite beskryf word in die vroeë kerk. In Lukas se opvolggeskrif op sy evangelie, die Handelinge van die apostels, beskryf hy duidelik hoe hiérdie aktiwiteite van die Heilige Gees manifesteer in die bediening van die apostels.

Die eerste lesers van die Lukaanse geskrifte het vanuit die heidendom na die Christendom oorgekom (vgl. Stein, 1992:27). Lukas gee besondere aandag aan die sosiale minderbevoorregtes, soos vroue, kinders, armes, tollenaars en Samaritane (Du Rand, 2003:640). Met reg kan geglo word dat Lukas sy evangelie rig aan mense wat verskeie vorme van lyding ondergaan. Sommiges het gely as gevolg van hulle minderwaardige posisie in die samelewing, ander het gely omdat hulle vanweë hulle geloof in Jesus Christus deur die Jode en die samelewing vervolg is (vgl. Luk. 12:12). By al die ander dimensies van die doel waarvoor Lukas skryf, is daar ook 'n dimensie van bemoediging, ondersteuning en vertroosting (vgl. Scheffler, 1991:70).

## 2. DIE HEILIGE GEES AS SKEPPER

In die eerste twee hoofstukke van die Evangelie volgens Lukas is dit duidelik dat die Heilige Gees op wonderbaarlike wyse lewe skep. Die Heilige Gees skep lewe in die onvrugbare vrou Elisabet (Luk. 1:5-25) en Hy oorskadu Maria sodat sy maagdelik geboorte skenk aan Jesus (Luk. 1:26-38). Hiermee sluit Lukas aan by die Ou-Testamentiese getuienisse wat die Heilige Gees beskryf as die asem van die lewe (Gen. 2:7; 6:3; Job 33:4; Ps. 104:30; Jes. 32:15) wat elke skepsel met die nodige begaafdheid om in die gewone natuurlike lewe sy taak uit te voer soos God dit bepaal het, toe te rus (vgl. Gen. 41:38; Eks. 31:3; 35:20 e.v.; Num. 11:17, 25; 27:18-20; Rig. 3:10; 1 Sam. 10:1; Neh. 9:30; Job. 32:8; Jes. 61:1).

Die eerste lesers van die Evangelie volgens Lukas moes weet dat die Heilige Gees lewensbelangrik vir die gelowige is. Net soos die Heilige Gees in die Drie-eenheid die band van gemeenskap is tussen God die Vader en die Seun, is die Heilige Gees die band van gemeenskap tussen Christus en die kerk en tussen gemeentelede onderling (vgl. 1 Kor. 12:3, 13). God tree met sy skepping in 'n lewensverbinding. Die inisiatief daarvoor kom van die Vader, die moontlikheid daarvan kom van die Seun, maar die verwerkliking daarvan is die taak van die Heilige Gees. Daarom is die Gees die Een wat kontak maak met alles wat God geskep het, met alles wat Hy bewaar, met alles wat Hy wil red, en met die hele skepping wat Hy wil verheerlik (Jonker *et al*, 1977:29). Reeds van die begin van die skepping af was God besig om die werk wat Hy in die wêreld en in die mens begin het, te voltooi.

Vir Lukas se eerste lesers moes hierdie gedagte – God skep deur sy Gees – vertroosting en bemoediging gebring het sodat hulle kon volhard in die leringe van die apostels. Deur hiérdie gedagte laat Lukas die woorde van bemoediging deur die profeet Sagaria aan Serubbabel weerklink: "Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige".

Al vier die evangelies eindig met 'n verwysing na die groot sendingopdrag wat Christus aan sy dissipels gegee het (Matt. 28:19,20, Mark. 16:20; Luk. 24:46-49; Joh. 20:21,22). Lukas verbind die uitvoering van hierdie opdrag onlosmaaklik aan die uitstorting van die Heilige Gees (Luk. 24:49; Hand. 1:5,8). Op Pinkster word God se belofte (Joel. 2:28-30) en Christus se belofte (Luk. 24:49) bewaarheid deur die uitstorting van die Heilige Gees op die gemeenskap van gelowiges (Hand. 2:2-4). Hierdie gebeurtenis is een van die belangrikste momente in die geskiedenis van die kerk. Die uitstorting van die Heilige Gees dui op 'n nuwe era in die wêreld se geskiedenis. In hierdie tyd gaan Christus sy kerk vergader, beskerm en onderhou deur sy Woord en deur sy Gees (vgl. Heidelbergse Kategismus: Sondag 21).

Deur die Gees van God beweeg die kerk uit om sy sendingopdrag uit te voer met die versekering: Die Gees wat lewe skep, is die Gees wat Christus se kerk bou en versorg. Die kerk is nie afhanklik van die krag en mag van 'n mens nie, maar van die soewereine krag van die Gees van God. Die Heilige Gees bewerk die afspraak tussen Filippus en die Etiopiër (Hand. 8:26-40); Hy berei Ananias voor om die vervolger Saulus te ontvang as 'n broer (Hand. 9:10-19); Hy berei Petrus voor om te kan breek met sy gekoesterde tradisie sodat hy die evangelie aan 'n heidense offisier kan verkondig (Hand. 10:1-20); Hy gee die eerste opdrag dat die evangelie onder die heidene verkondig moet word (Hand. 13:2).

Ten spyte van die teenstand en lyding wat die gelowige in hierdie wêreld mag ervaar, het hy die versekering dat die kerk uitsluitlik die gevolg is van die kreatiewe skeppende werk van die Heilige Gees. Die kerk doen sy werk nie in eie krag nie, dit is iets wat deur die Heilige Gees gedoen word. Vanaf die skepping getuig die Gees, vernuwe die Gees, gaan die Gees die kerk vooruit in sy sendingtaak (vgl. Newbigin, 1978:62). Lukas wil die hele gedagte van *Missio Dei* onder sy lesers vestig. Elke gemeente is die resultaat van God se versoenende handeling in die wêreld. God roep en bou sy gemeente deur die Gees en die Woord (Jonker *et al.* 1977:145).

Oor al die eeue is dit vir die kerk, wat by tye bittere vervolging moes ly, wat voortdurend die felle aanslae van dwaalleraars moes teëstaan en wat teen die denkpatrone van die wêreld in die evangelie moet verkondig, die een groot bemoediging: Die aktiewe Agent in die sending van die kerk is in die eerste plek die Skepper-Gees van God. Gelowiges oor al die eeue word aangemoedig om getrou te bly aan Jesus Christus, want dan word die gelowige die instrument (tempel van die Heilige Gees) waardeur die Heilige Gees spreek en werk (vgl. 1 Kor. 3:16-17).

In 'n tyd waar die kerk, veral die tradisionele kerk, homself in 'n moeilike situasie bevind (vgl. Hendriks, 1997:27), is dit baie belangrik vir die kerk om opnuut te besef: Die Heilige Gees is die aktiewe Agent in die sending van die kerk. Baie planne word deur kerkrade beraam om kerkgroei te bewerk. Maar kerkgroei kan nie deur die mens bewerk word nie. God alleen kan deur sy Gees en sy Woord die kerk laat groei (vgl. 1 Kor. 3:6). Net God kan deur sy Gees nuwe lewe bring in 'n vallei van doodsbeendere (Eseg. 37). Die werk van kerkleiers is om biddend te wag en te kyk waar die Gees van God aan die werk is in hierdie wêreld. Dan eers kan hulle die gemeente lei om met die gawes wat hulle as gemeente van die Heilige Gees ontvang het, betrokke te raak in die sending van die Drie-enige God.

3. DIE HEILIGE GEES AS VERNUWER

Deur die Heilige Gees te verbind met die gedagte van doop sluit Lukas aan by die Ou-Testamentiese profete wat die Heilige Gees beskryf as die "Gees van nuwe begin" (Ps. 51:4; Jes. 1:16; Eseg. 36:25-27; Sag. 13:1). Die Heilige Gees is die "Salfmiddel" (χρῖσμα) waarmee Christus gedoop is. Hierdie doop van Christus met die Heilige Gees dui op die deurbreek van die Koninkryk van God (βασιλεία τοῦ θεοῦ -vgl. Mark. 1:15), die aanbreek van die messiaanse tydperk waarvan die Ou-Testamentiese profete getuig het (Jes. 11:1,2; 42:1; 61:1). Volgens die profete sal die Heilige Gees in die messiaanse tyd ook op al God se kinders uitgestort word (Jes. 44:3; Joël 2:28-30). In Handelinge 2:16-21 speel laasgenoemde tekste 'n belangrike rol, waar die uitstorting van die Heilige Gees as teken daarvan gesien word dat die ryk van die Messias in Jesus Christus aangebreek het. Die Heilige Gees is die Beloofde Gawe van die gerealiseerde Koninkryk van God (Luk. 24:49; Joh. 14:15-31; Hand. 1:3-5; 2:32-36, veral vers 33).

Deur die uitstorting van die Heilige Gees in mense se harte kom daar 'n nuwe mensheid – 'n nuwe skepping – tot stand (2 Kor. 5:17). Die grond van

hierdie nuwe mensheid is Jesus Christus – spesifiek dan as die gekruisigde en opgestane Here. Hierdie nuwe mens word deur die Heilige Gees bemagtig om die koninkryk van Christus te proklameer sodat dit moontlik kan word vir ander mense om daar in te kan gaan. Hierdie gedagte word deur Lukas bevestig as hy Paulus beskryf as 'n koninkryks-prediker (Hand. 14:22; 19:8; 20:25; 28:23, 31). Waar die koninkryk van God verkondig word, daar is die Heilige Gees aan die werk (Cho, 2003:197) en word die mens gekonfronteer met die nuwe werklikheid, naamlik Jesus Christus.

In hierdie nuwe werklikheid is al God se kinders profete, proklameerders van die koninkryk van God, omdat God sy Gees in hulle uitstort. In Christus is die kerk 'n gemeenskap van profete wat aangespoor word deur die Gees om in woord en in daad die koninkryk van God sigbaar te maak in hierdie wêreld. Die Heilige Gees werk deur mense as instrumente om God se sending – vestiging van die Koninkryk van God - op aarde uit te voer. Newbigin (1989:119) stel dit soos volg: Die kerk is nie soseer die agent van sending nie, maar eerder die lokus van sending, die plek waar die sending van die Heilige Gees plaasvind. God werk kragtig deur sy Gees, deur kragtige dade, deur tekens van die nuwe bedeling en deur die stille inwerking in mense se harte om hulle na Christus te trek. Die sending van die kerk is nie 'n handeling van 'n mens nie, maar die teenwoordigheid van 'n nuwe werklikheid, die kragtige teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Hierdie teenwoordigheid van die Heilige Gees in die lewens van die dissipels het 'n merkwaardige vernuwing in hulle lewens bewerk. Waar hulle eers bang en verwilderd was (Mark. 16:8; Joh 20:19), het hulle begin om met moed en ywer die evangelie in die openbaar te verkondig (Hand. 2:14). Waar hulle eers besorg was oor wie die belangrikste in die Koninkryk van God is (Luk. 9:46; 22:24), was daar nou eenheid onder hulle (Hand. 2:44). Die Gees vervulde gemeenskap van gelowiges was reg om die Koninkryk van God te proklameer vanaf "Jerusalem sowel as in die hele Judea en in

Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld". Geen hindernis is vir hulle te groot nie, want elke gelowige is 'n Gees-vervulde, Gees-geleide en Gees-bemagtigde proklameerder van die Koninkryk van God. Hiérdie versekering moes die eerste hoorders van Lukas se geskrifte aanmoedig om vreesloos die evangelie te verkondig, maar ook om biddend te wag op die leiding van die Heilige Gees in die uitvoering van hulle roeping.

Lukas se beskrywing van die rol wat die Heilige Gees speel in die ontplooiing van die Koninkryk van God is nie maar net 'n historiese feit nie, dit is 'n saak wat ernstig die aandag van die kerk vandag vereis. Vir te lank is hierdie werk van die Heilige Gees in die kerk verwaarloos, sodat die werk en krag van die Heilige Gees in baie kerke vandag byna geblus is. Die sendingpraktyke van die kontemporêre kerk, wanneer dit vergelyk word met dit wat Lukas ons leer van die werking van die Heilige Gees, weerspieël 'n gebrek aan vertroue in die werking en krag van die Heilige Gees. Die kerk sal opnuut weer moet gaan kyk wat beteken Gees-vervulde, Gees-geleide en Gees-bemagtigde bediening van die evangelie in die wêreld vandag. Die kerk kan sy roeping alleen suksesvol uitvoer in hierdie wêreld binne die magsgebied van die Heilige Gees.

Binne die nuwe bedeling van die Gees het die kerk 'n belangrike funksie om te vervul. In 'n wêreld wat by die dag lyk asof dit meer en meer onder die beheer van die duiwel is, kan die kerk die koningskap van Christus proklameer op alle lewensterreine. Dit kan alleen reg gekry word as die kerk ten volle onder die beheer van die Heilige Gees is (Rom. 5:1-11; Gal. 5:16; Ef. 5:18). Alleen dan sal die kerk deur sy eie geloofsdade ook ander tot geloof kan lei, sal die kerk hoop kan bring aan miljoene "hooploses" in hierdie wêreld en sal die kerk die liefde van God sigbaar maak in 'n liefdelose wêreld.

## 4. DIE HEILIGE GEES AS LEERMEESTER

Lukas moedig sy lesers aan om getroue getuies van Christus te wees (Luk. 12:8-9), terwyl hy deeglik daarvan bewus is dat hulle swaar ly onder die vervolging van die Jode en die wêreldse heersers van daardie tyd (vgl. Luk. 12:12). Daarom was dit vir Lukas belangrik dat sy lesers moes besef dat hulle nie alleen staan in hulle getuienis nie, maar dat die Heilige Gees hulle sal voorgaan en hulle sal leer wat om te sê. In die boek Handelinge beskryf Lukas 'n paar gevalle waar gelowiges onder die leiding van die Heilige Gees nie gehuiwer het om te getuig vir Christus nie (vgl. Hand. 4:31; 5:32; 6:10; 7:55; 13:9; 20:22). Die Heilige Gees onderrig die gelowige sodat hy homself kan verdedig in hierdie wêreld, maar hy onderrig hom ook om die waarheid van die evangelie te verdedig.

Die Heilige Gees doen hierdie onderrigtaak **altyd** deur die Skrif. Wanneer Christus die Emmausgangers leer, leer Hy hulle vanuit "al die Skrifuitsprake" (Luk. 24:27); wanneer Christus sy dissipels leer na sy opstanding, "... open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan" (Luk. 24:45); wanneer Petrus vir die wêreld verduidelik wat gebeur het met die uitstorting van die Heilige Gees begin hy met: "... hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het" (Hand. 2:16); wanneer Stefanus homself verdedig voor die hoëpriester, spreek sy verdediging van sy deeglike kennis van die Skrif (Hand. 7:1-53) en beskuldig hy die Jode daarvan dat: "Julle is doof vir die woord van God. Julle weerstaan altyd die Heilige Gees" (Hand. 7:51). Die Nuwe-Testamentiese skrywers sien hulleself as eksegete wat onder die leiding van die Heilige Gees die Ou Testament interpreteer (2 Pet. 1:20-21).

Deur die geskiedenis het die Heilige Gees besluit om God se groot dade van verlossing, en dan in besonder in die werk en lewe van Christus, vir ons in die Skrif neer te lê. Hierdie Skrif gebruik Hy oor al die eeue om God se kinders te leer wat God hulle uit genade geskenk het en wat dit beteken in

hulle lewens. Die Woord van God wat die eerste gelowiges geleer en gelei het, leer en lei ook die gelowige vandag, want dit is dieselfde Gees wat 'n verbinding lê tussen ons en die getuienis van die profete en apostels aangaande God se verlossingsdade (vgl. Jonker *et al.* 1977:39; vgl. ook 1 Kor. 2:14; 2 Kor. 3; 4). Die geskrewe optekening van God se verlossingsdade en die verduideliking daarvan in die Skrif is die vrug van die deurlopende aktiwiteit van die Heilige Gees onder die uitverkore kinders van God. Die Bybel is woorde wat uitgaan vanuit God se mond, deur God beadem (θεόπνευστος – 2 Tim. 3:16; vgl ook Matt. 4:4) en wat neergeskryf is deur mense wat deur die Heilige Gees meegevoer (φέρω – vgl. 2 Pet. 1:20-21) is. Daarom kan Paulus skryf: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim. 3:16-17).

Lukas het sy eerste lesers bemoedig, vertroos en geleer deur deurlopend gebruik te maak van begrippe en aanhalings vanuit die Septuaginta. Hieruit kan ons aflei dat die Septuaginta 'n belangrike rol vervul het in die vroeë kerk (vgl. Steyn, 1989:872). Ons vind ook in sy evangelie en in die boek Handelinge talle voorbeelde waar Jesus en die apostels die waarheid bevestig en verduidelik vanuit die Skrif. Hiermee bevestig Lukas dat die gesag van enige getuienis oor God en sy verlossing in Jesus Christus, alleen te vinde is in die Woord van God.

Om deur die Heilige Gees geleer te word beteken om na die Heilige Gees te luister, om na die Woord van God te luister (vgl. Heb. 3:7; 10:15). Die gelowige moet voortdurend besig wees met die Skrif, om sodoende meer en meer deur die Heilige Gees onderrig te word. Hierdie onderrig geskied nie los van die Woord nie. Baie gelowiges getuig daarvan dat die Heilige Gees hulle onderrig het los van die Woord, maar so 'n getuienis is teenstrydig met

dit wat Lukas ons leer oor die werking van die Heilige Gees in die Lukaanse geskrifte.

Positief gestel beteken "die Heilige Gees sal julle op daardie oomblik leer wat gesê moet word" dat:

- Die gelowige aanvaar die gesag van die Woord. Want deur sy Woord rig en lei die Heilige Gees God se kinders sodat hulle die waarheid kan ken en sodoende enige dwaalleer kan weerlê.
- Die gelowige is voortdurend besig om die Woord te bestudeer, want so word hy onderrig deur die Gees. Die gelowige wat biddend besig is met die Skrif, sit letterlik aan die voete van die Heilige Gees, besig om geleer te word.

In baie gevalle is die Woord van God duidelik genoeg omdat daar direkte opdragte is wat ons lei in God se wil. Maar baie keer is dit moeilik om te weet wat die leiding van die Heilige Gees is, juis omdat daar geen direkte opdragte is nie. Daarom is dit so belangrik dat gelowiges op 'n verantwoordelike wyse en in afhanklikheid van die Heilige Gees altyd in moeilike sake na die eer van God sal soek.

## 5. KONKLUSIE

In die Evangelie volgens Lukas vestig Lukas die gedagte dat God die geskiedenis van die wêreld bestuur volgens sy plan. Regdeur die geskiedenis is God die Een wat handel. God se verbintenis met sy skepping is sy Gees. Die Heilige Gees is die krag wat God se gedagtes en sy plan tot uitvoer bring in sy Skepping. Daarom is die Heilige Gees nie maar net 'n krag nie, maar is Hyself ook God en daarom spreek sy werk en dade van Goddelike krag. Lukas beklemtoon doelbewus die werking van die Heilige Gees om sodoende sy sentrale tema – God is die Een wat handel in die geskiedenis - te versterk.

Die bestudering van die Evangelie volgens Lukas met die doel om die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God aan te dui, gee vir ons 'n dieper begrip van die werk van die Heilige Gees. Veral in 'n tyd waar die kerk voor nuwe uitdagings te staan kom, word ons opnuut bemoedig en aangemoedig deurdat Lukas ons daarop wys dat:

- Die kerk nie sy taak in eie krag verrig nie, maar die kerk uitsluitlik die gevolg van die kreatiewe skeppende werk van die Heilige Gees is;
- Die kerk sigbare gestalte gee aan die Koninkryk van God in hierdie gebroke wêreld onder die leiding van die Heilige Gees; en
- Die Heilige Gees ons onderrig in alles wat nodig is vir ons roeping as gelowige deur die Woord van God.

## KONKLUSIE

Die hoofdoel van hierdie studie is om die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en die handeling van God in die Evangelie volgens Lukas te ondersoek, en om sodoende vas te stel wat die implikasie van hierdie verhouding vir die kerk vandag beteken.

Die outeur Lukas was 'n begaafde skrywer wat deur middel van verskillende skryftegnieke en 'n verskeidenheid van teologiese temas die persoon en werk van Christus beskryf het, asook die totstandkoming van die kerk. Die sentrale teologiese tema waarmee Lukas al sy ander motiewe omvat is dat alles volgens God se plan gebeur. Volgens Lukas bly God die een wat handel in die geskiedenis van die wêreld.

Hierdie tema word ondersteun deur die klem wat Lukas plaas op die persoon en werk van die Heilige Gees. Meer as enige evangelis beklemtoon Lukas die feit dat die Heilige Gees die krag is waardeur God werk in sy Skepping. Verder beklemtoon Lukas ook dat die Heilige Gees die vernuwende krag is waarmee God sy skepping na sy Goddelike doel toe stuur. God se betrokkenheid met en werk in sy skepping doen Hy deur sy Gees. Daar is geen aktiwiteit van God die Vader waarby die Gees nie betrokke is nie.

Deur hierdie klem op die werking van die Heilige Gees te lê, wil Lukas sy lesers, so ook die kerk van alle eeue, bemoedig en aanmoedig om as kerk van die Here Jesus Christus altyd te weet:

- Die kerk verrig nie sy taak in eie krag nie, maar die kerk is uitsluitlik die gevolg van die kreatiewe skeppende werk van die Heilige Gees;
- Onder die leiding van die Heilige Gees kan die kerk sigbare gestalte gee aan die Koninkryk van God in hierdie gebroke wêreld; en

- Deur die Woord van God onderrig die Heilige Gees ons in alles wat nodig is vir ons roeping as gelowiges.

## ABSTRACT

The main aim of this study is to firstly investigate the relationship between the work of the Holy Spirit and God's actions in the Gospel according to Luke, and to secondly determine the implications of this relationship for the church today.

Luke was a talented author who described Christ's work and person, as well as the establishement of the church, by implementing different writing techniques and a variety of theological themes. The central theological theme with which Luke encompasses all his other motifs, is the fact that everything happens according to God's plan. According to Luke, God remains the one who acts in the history of the world.

This theme is supported by the emphasis that Luke places on the person and work of the Holy Spirit. More than any evangelist, Luke accentuates the fact that God works in his creation through the power of the Holy Spirit. The Holy Spirit is also the power of renewal through which God steers his creation to its Godly purpose. There is no activity of God the Father where by the Holy Spirit is not involved.

Luke emphasises the work of the Holy Spirit in order to encourage his readers, as well as the church of all times, to know that as church of the Lord Jesus Christ:

- the church does not fulfill its task in its own capacity, but is rather the result of the creative work of the Holy Spirit;
- the church can make the Kingdom of God visible in this broken world under the guidance of the Holy Spirit;
- the Holy Spirit instructs believers in everything that is necessary for their calling through the Word of God.

## BRONNELYS

ACHTEMEIER, P. J. & SOCIETY OF BIBLICAL LITERATURE. 1985. Harper's Bible dictionary. (1st ed.). San Francisco: Harper & Row.

BRUCE, F.F. 1980. The book of the Acts. Michigan: WM. B. Eerdemans.

BRUTON, J. 1967. The concept of the Holy Spirit as a theological motif in Luke-Acts. Michigan: Xerox University Microfilms.

CARSON, D.A., MOO, D.J., MORRIS, L. 1992. An introduction to the New Testament. Michigan: Zondervan.

CARRUTH, T. 1973. The Jesus-as-prophet motif in Luke-Acts. Michigan: Xerox University Microfilms.

CHO, Y. 2003. Spirit and Kingdom in Luke-Acts: Proclamation as the primary role of the Spirit in relation to the Kingdom of God in Luke-Acts. *Asian Journal of Pentecostal Studies*, 6(2):173-197. [In EBSCOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com] [Date of acces : 1 April 2004].

CHOI, Y. 1996. De verhouding tussen Pneumatologie en Christologie bij Martin Bucer en Johannes Calvijn. Leiden: Groen en Zoon BV.

COETZEE, C.F.C. 1986. Die werk van die Heilige Gees in teologiese denke van Andrew Murray. Potchefstroom: PU vir CHO.

CONNER, W.T. 1949. The work of the Holy Spirit. Nashville: Broadman Press.

CULPEPPER, R.A. 1995. Luke. (*In*. Keck. *ed*. The New Interpreters's Bible. (9). Nashville: Abingdon press.)

DE KLERK, B.J. 1978. Die Heilige Gees en die ontstaan en verstaan van die Nuwe Testament. *In die Skriflig*, 48(4):33-43. Des.

DENOVA, R.I. 1997. The things accomplished among us: Profetic tradision in the structural pattern of Luke-Acts. Sheffield: Sheffield Academic Press.

DE VAUX, R. 1961. Ancient Israel: Its life and institutions. London: Darton, Longman & Todd.

DE VILLIERS, J.L. 1977. Die Handelinge van die Apostels. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

DE VILLIERS, J.L. 1996. The theology of Luke's gospel. (*In*. Du Toit. *ed.* Guide to the New Testament (4). Johannesburg: Orion Publishers. p. 165-193).

DU PLESSIS, I.J. 1996. Acts: Introduction and theology. (*In*. Du Toit. *ed.* Guide to the New Testament (4). Johannesburg: Orion Publishers. p. 195 - 254).

DU RAND, J. 2003. Lukas. (*In* Van der Watt.J., *red.* Die Bybel A-Z. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy. p. 639 - 668)

FERGUSON, S.B. 1996. The Holy Spirit. Illinois: Intervarsity press.

FITZMYER, S.J. 1981. The Gospel according to Luke (I-IX): The Anchor Bible. New York: Doubleday & Company.

FLOOR, L. 1982. De doop met die Heilige Geest. Kampen: J.H. Kok.

FRIEDRICH, G. 1964a. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 6. Grand Rapids: Eerdmans.

FRIEDRICH, G. 1964b. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 9. Grand Rapids: Eerdmans.

FRIBERG, T. & FRIBERG, B. & MILLER, N.F. 2000. Analytical lexicon of the Greek New Testament. Vol. 4. Michigan: Baker books. (In Logos Bible Software) [CD-ROM].

GELDENHUYS, N. 1988. Commentary on the gospel of Luke. Michigan: WM. B. Eerdmans.

GREEN, M. 1975. I believe in the Holy Spirit. Great Britain: Hodder & Stoughton.

GROENEWALD, E.P. 1989. Die Evangelie volgens Lukas. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

HENDRIKS, H.J. 1997. Kerklike "megatrends": bedieningsimplikasie. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 38(1&2):27-38.

HUI, A.W.D. 2000. Spirit-fullness in Luke-Acts: Technical and Prophetic ? *Asian Journal of Pentecostal Studies.* 17: p.24-38. [In EBSCOHost :

Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com] [Date of acces : 1 April 2004].

HORTON, S.M. 1976. What the Bible says about the Holy Spirit. Springfield: Gospel publishing house.

JOHNS, C.B. 1999. When all God's people are prophets: Acts and the task of missional preaching. *Journal for preachers*. 22(4):16-21.

JOHNSON,L.T. 1991. The Gospel of Luke. Collegeville: The liturgical press.

JONKER, W. & KOTZE, G. & LOMBARD, E. 1977. Ek glo in die Heilige Gees. Bybelkor.

KEENER, C. S. 1993. The IVP Bible background commentary: New Testament . Downers Grove: InterVarsity Press.

KIMBALL, C.A. 1994. Jesus' exposition of the Old Testament in Luke's gospel. Sheffield: Sheffield Academic press.

KITTEL, G. 1964. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 1. Grand Rapids: Eerdmans.

LARKIN, W.J. 2000. The recovery of Luke-Acts as "Grand Narrative" for the church's evangelistic and edification tasks in a postmodern age. *Journal of the Evangelical theological society*, 43(3):405-415.

LENSKI, R.C.H. 1934. The interpretation of the Acts of the apostles. Menneapolis: Augburg publishing house.

LENSKI, R.C.H. 1946. The interpretation of St. Luke's gospel. Minneapolis: Augsburg publishing house.

MARGUERAT, D. 2002. The first Christian historian. Cambridge: Cambridge university press.

MATTHEY, J. 2000. Luke 4:16:30 – The Spirit's mission manifesto – Jesus hermeneutics – and Luke's editorial. *International Review of Mission*, 89(352):3-9.

MEEKS,W.A. 2003. Assisting the word by making(up) history: Lukes project and ours. *Interpretation*, 57(2):151-162.

MULDER, H. 1985. Lukas I: Een praktische bijbelverklaring. Kampen: J.H. Kok.

MÜLLER, M. 2001. The reception of the Old Testament in Matthew and Luke-Acts: From interpretation to proof from Scripture. *Novum Testamentum*, 43(4):315-330.

NEWBIGIN, J.E.L. 1978. The open secret. Michigan: William B. Eerdmans.

NEWBIGIN, J.E.L. 1989. The gospel in a pluralist society. Michigan: William B. Eerdmans.

NOLLAND, J. 1993. Word Biblical commentary. Volume 35B. Luke 9:21-18:34. Dallas : Word Books.

PLUMMER, A. 1942. A critical and exegetical commentary on the Gospel according to St. Luke. Edinburgh: T. & T. Clark.

REA, J. 1994. The Holy Spirit in the Bible: A commentary on the major passages. London: Marshall Pickering.

REASONER, M. 1999. The theme of Acts: Institutional history or Divine necessity in history? *Journal of Biblical literature*, 118(4):635-659.

ROBERTS, J.H. 1977. Terreinverkenning ten opsigte van die vakgebied Nuwe Testament. (*In*. Du Toit & Roberts *red*. Handleiding by die Nuwe Testament (1). Johannesburg: Orion Publishers. p. 54-86).

SCHEFFLER, E.H. 1991. Die teologie van die Lukasevangelie in konteks: Bevryding uit lyding. (In. Du Toit.A.B. red. Teologie in konteks. Johannesburg: Orion Publishers. p. 62-92).

SCHIPPERS, R. 1958. Vervulling. (In Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P., *reds*. Christelijke Encyclopedie. Vol. 6. J.H. Kok: Kampen. p. 484).

STEYN, G.J. 1989. Die manifestering van Septuaginta-invloed in die Sondergut-Lukas. *Hervormde teologiese studies*, 45(4):864-873.

STEIN, R.H. 1992. Luke: The New American Commentary. Vol. 24. Nashville: Broadman & Holmann publishers.

SQUIRES, J.T. 1993. The plan of God in Luke-Acts. Cambridge: University press.

STOTT, J.R.W. 1990. The message of Acts: The Spirit, the Church & the World. Leicester: Inter-Varsity press.

STRONSTAD, R. 1999. The prophethood of all believers: a study in Luke's charismatic theology. Sheffield: Sheffield academic press.

VAN GENDEREN, J. 1958a. Doop. (In Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P., *red.* Christelijke Encyclopedie. Vol. 2. J.H. Kok: Kampen. p. 464-476).

VAN GENDEREN, J. 1958b. Heilige Geest. (In Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P., *red.* Christelijke Encyclopedie. Vol. 3. J.H. Kok: Kampen. p. 403-408).

VILJOEN, F.P. 2003. Luke, the Gospel of the Saviour of the world. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 44(1&2):199-208.

WILLIAMS, J. 1980. The Holy Spirit Lord and Life-Giver. New Jersey: Loizeaux Brothers.

WOOD, D.R. 1996. New Bible Dictionary. Downers Grove: InterVarsity Press.

WON, P.H. 1999. Lucan pneumatology: The work of the Holy Spirit through prayer in Luke-Acts. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (Dissertation – M.Th).

WOODS, E.J. 2001. The "Finger of God" and pneumatology in Luke-Acts. Sheffield: Sheffield Academic press.